GEORGE MUNISIPALITEIT

WATER EN RIOOLDIENSTE VERORDENING

INHOUD

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS

DEEL 1: WOORDOMSKRYWINGS 1

HOOFSTUK 2: TOEPASSING, BETALING EN BEEÏNDIGING 12

DEEL 1: AANSOEK VIR WATERDIENSTE 12
DEEL 2: KOSTES 12
DEEL 3: BETALING 13
DEEL 4: BEEÏNDIGING, BEPERKING EN DISKONNEKTERING 13

HOOFSTUK 3: DIENSVLAKKE 15

HOOFSTUK 4: VOORWAARDES VIR WATER VOORSIENINGSDIENSTE 16

DEEL 1: AANSLUITING BY DIE WATERVOORSIENINGSTELSEL 16
DEEL 2: STANDAARDE 17
DEEL 3: METING 20
DEEL 4: OUDIT 24
DEEL 5: INSTALLASIE WERK 25
DEEL 6: GEMEENSKAPLIKE WATERVOORSIENINGSDIENSTE 28
DEEL 7: TYDELIKE WATERVOORSIENINGSDIENSTE 28
DEEL 8: BOORGATE 29
DEEL 9: BRANDWEERDIENSTE AANSLUITINGS 29
DEEL 10: ALGEMENE BEPALINGS 29

HOOFSTUK 5: VOORWAARDES VIR SANITASIE DIENSTE 29

DEEL 1: AANSLUITING BY SANITASIESTELSEL 29
DEEL 2: STANDAARDE 29
DEEL 3: METODES VIR VASSTELLING VAN KOSTES 29
DEEL 4: DREINERING INSTALLASIES 29
DEEL 5: OP-PERSEEL SANITASIE DIENSTE EN GE-ASSOSIEERDE DIENSTE 29
DEEL 6: NYWERHEIDSAFVLOEI 29
DEEL 7: RIOOL WAT PER PAD VERVOER WORD 29
DEEL 8: GEREINIGDE RIOOL 29
DEEL 9: ANDER SANITASIE DIENSTE 29
DEEL 10: INSTALLEER WERK 29

HOOFSTUK 6: WATER DIENSTE TUSSENGANGERS 29

HOOFSTUK 7: ONGEMAGTIGDE WATER DIENSTE 29

HOOFSTUK 8: KENNISGEWINGS 29

HOOFSTUK 9: APPÈLLE 29

HOOFSTUK 10: OORTREDINGS 29

HOOFSTUK 11: DOKUMENTASIE 29

HOOFSTUK 12: ALGEMENE BEPALINGS 29

HOOFSTUK I: ALGEMENE BEPALINGS

Deel 1: Woordomskrywings

Vir die doeleindes van hierdie verordening dra enige woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis geheg word in die die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 of 1997), die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) of die Nasionale Bouregulasies wat ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) afgekondig is, dieselfde betekenins in hierdie verordening tensy die konteks anders aantoon. Enige verwysing na geslag sluit outomatiers die ander geslag in, byvoorbeeld hy/sy/syne/ hare.

1 Woordomskrywings

(1) In hierdie verordening, tensy die konteks anders aandui –

“aansluiting” beteken die punt waar ‘n klant toegang tot water dienste verkry;

“aansluitingsdrein” beteken ‘n pyp wat deur die Munisipaliteit besit word en geinstalleer is met die doel om riool te vervoer vanaf ‘n dreinering installasie op ‘n perseel tot by ‘n drein verby die grens van sodanige perseel, of tot binne ‘n serwituut, deurgangsreg of gebied deur ‘n ooreenkoms gedek;

“aansluitingspunt” beteken die punt waar die dreinering installasie by die aansluitingsdrein inskakel;

“aansluitingspyp” beteken ‘n pyp waarvan die eienaarskap in die Munisipaliteit of sy gemagtigde agent vestig en wat deur hierdie owerheid installeer is met die doel om water vanaf ‘n hooftoevoer na ‘n water installasie te vervoer en sluit ‘n “kommunikasiepyp” waarna in SANS 0252 Deel 1 verwys word, in;

“afvalwater” beteken enige vloeistof hetsy of dit stof in oplossing of swewend bevat;

“akkommodasie eenheid” ten opsigte van enige perseel, beteken ‘n gebou of ‘n gedeelte van ‘n gebou wat gebruik word of bedoel is vir okkupasie of gebruik vir enige doel;

“bedryfsklant” beteken enige klant wat nie ‘n huishoudelike klant of behoeftige klant is nie, insluitend, sonder beperking, ‘n sake-, nywerheids-, staats- of institusionele klant;

“behoorlik gekwalifiseerde toetser” beteken ‘n persoon wat monsters vanuit die rioolslyk-inrigting, stormwater wegdoening stelsel en openbare waters neem vir ontleding en wie gesertifiseer is om dit te mag doen deur ‘n gemagtigde agent;

“bepaal” beteken bepaal deur die Munisipaliteit of deur enige persoon wat ingevolge hierdie verordening ‘n bepaling mag maak;

““bes moontlike omgewingsopsie” beteken die opsie wat die grootste voordeel inhou, of die minste skade aan die omgewing as geheel berokken, teen die mees aanvaarbare koste vir die gemeenskap, oor die kort- en lang termyn;

“besoedeling” beteken die bekendstelling van enige middel in die water toevoer stelsel, ‘n water installasie of ‘n waterbron wat direk of indirek die fisiese, chemiese of biologiese eienskappe van die water wysig, ten einde dit –

(a) minder geskik te maak vir enige voordelige doel waarvoor dit redelikerwys geag gebruik te mag word; of
(b) skadelik of potensieël skadelik –
    (i) vir die welstand, gesondheid of veiligheid van mense;
    (ii) vir enige water of nie-water organisme is;

“boorgat” beteken ‘n gat wat in die grond gesink is ten einde ondergrondse water te vind, te onttrek of te gebruik en sluit ‘n fontein in;

“Bouregulasies” beteken die Nasionale Bouregulasies wat ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), afgekondig is;

“brand installasie” beteken ‘n drinkbare water installasie wat water afvoer vir brandbestrydingsdoeleindes alleenlik;

“dienspyp” beteken ‘n pyp wat deel vorm van ‘n water installasie wat op enige perseel voorsien en installeer is deur die eienaar of bewoner en wat gekoppel is aan of beoog gekoppel te word aan ‘n aansluitingspyp ten einde die water installasie op die perseel te bedien.

“drein” beteken daardie gedeelte van ‘n dreinering installasie wat riool binne ‘n perseel afvoer;

“dreinering installasie” beteken ‘n stelsel op enige perseel geleë wat in die eienaar daarvan vestig en wat gebruik word vir of beoog gebruik te word vir, of in verband met die ontvangs, stoor, behandeling of afvoer van riool tot by die aansluitingspunt gebruik word en sluit afvoerpype, koppelstukke, toestelle, septiese tenks, behoueringstenks, putlatrines en private pomp installasies wat deel vorm van, of bykomend tot sodanige stelsel is, in;

“dreineringswerk” sluit in enige afvoerpyp, sanitêre koppeling, water voorsiening apparaat, afvoer of ander pyp of ander werk

verwant met die wegdoen van vloeibare of soliede stof na enige afvoer- of rioolpyp, of andersins gekoppel met die dreinering van enige perseel;

"DWAF" beteken die Departement van Waterwese en Bosbou;

"eienaar" beteken –

(a) die persoon in wie die wettige titel tot 'n perseel van tyd tot tyd vestig;

(b) in geval waar die persoon in wie die wettige titel tot 'n perseel vestig insolvent of dood is, of onder enige vorm van wettige regsonbevoegtheid hoegenaamd, die persoon onder wie se administrasie en beheer sodanige perseel vestig as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander wettige verteenwoordiger;

(c) in enige geval waar die munisipaliteit of sy gemagtigde agent nie die identiteit van sodanige persoon kan vasstel nie, 'n persoon wie geregtig is op die voordeel van die gebruik van die perseel of die gebou of die geboue daarop;

(d) in die geval van 'n perseel waarvoor 'n huurooreenkoms van 30 jaar of langer aangegaan is, die huurder daarvan;

(e) in verhouding tot -

(i) 'n gedeelte grond aangedui op 'n deeltitelplan, geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), die ontwikkelaar of die beheer liggaam van die gemeenskaplike eiendom, of

(ii) 'n gedeelte soos gedefinieer in die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), die persoon in wie se naam sodanige titel geregistreer is onder 'n deeltitel akte en sluit die wettig aangestelde agent van sodanige persoon in;

(iii) 'n persoon wat grond bewoon onder 'n register wat deur 'n stamgesag of ingevolge 'n geswore verklaring deur 'n stamgesag afgelê, gehou word;

"gedeelde verbruik" beteken die verbruik deur 'n klant van 'n munisipale diens gedurende 'n bepaalde tydperk, wat bereken word deur die verdeling van die totale gemeterde verbruik van daardie munisipale diens in die voorsieningsgebied waar die klant se perseel geleë is vir 'n tydperk deur die getal klante binne die verspreidingsgebied gedurende dieselfde tydperk;

"gemagtigde agent" beteken—

(a) enige persoon deur die Munisipaliteit gemagtig om enige handeling, funksie of plig kragtens die bepalings van, of die uitvoering van enige magte ingevolge hierdie verordening toegestaan, uit te voer;

(b) enige persoon aan wie die Munisipaliteit die uitvoering van sekere regte, pligte of verpligtinge ten opsigte van die verskaffing van watervoorsieningsdienste, gedelegeer het; of

(c) enige persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge 'n geskrewe ooreenkoms as 'n verskaffer van waterdienste, vir die voorsiening van waterdienste aan klante namens die Munisipaliteit, tot die mate in sodanige ooreenkoms gemagtig.

"gemiddelde verbruik" beteken die gemiddelde verbruik van 'n klant van 'n munisipale diens gedurende 'n bepaalde tydperk en word dit bereken deur die totale gemeterde verbruik van daardie munisipale diens deur daardie klant oor die voorafgaande drie maande, te verdeel deur drie;

"gesamentlike installasie" beteken 'n water installasie wat gebruik word vir brandweer-, huishoudelike-, besigheids- of nywerheidsdoeleindes;

"gesamentlike water aansluiting" beteken 'n verbruiksaansluiting waardeur dienste aan meer as een persoon verskaf word;

"geskatte verbruik" beteken die verbruik wat 'n klant, wie se verbruik nie gedurende 'n bepaalde tydperk gemeet is nie, vermoedelik verbruik het, wat geskat word deur faktore in ag te neem wat as toepaslik deur die Munisipaliteit beskou te word;

"goedgekeur" beteken goedgekeur deur 'n gemagtigde beampte;

"grys water" beteken vuil water wat die resultaat is van water wat vir huishoudelike doeleindes gebruik word maar wat nie enige menslike uitskeiding of enige ander vaste stof insluit nie;

"handelsperseel" beteken 'n perseel waarop nywerheidsafvalwater geproduseer word;

"hoë sterkte rioolvuil" beteken rioolvuil met 'n sterkte of kwaliteit hoër as die standard huishoudelike afvalwater ten opsigte waarvan 'n bepaalde koste soos bereken kragtens Skedule C, gehef mag word;

"hoofleiding" beteken 'n pyp, anders as 'n aansluitingspyp, waarvan die eienaarskap in die Munisipaliteit of sy gemagtigde agent vestig om dit te gebruik vir die afvoer van water na 'n verbruiker of rioolvuil vanaf 'n verbruiker;

"huishoudelike klant" beteken 'n klant wat water vir huishoudelike doeleindes gebruik;

"huishoudelike doeleindes" in verhouding tot water beteken water wat vir drink, ablusie en kook doeleindes, aan persele wat hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik word, verskaf word;

"huishouding" beteken 'n familie eenheid wat 'n tradisionele huishouding vorm, soos deur die Munisipaliteit bepaal, deur die getal persone wat 'n huishouding vorm, die verhouding tussen lede van die huishouding, die ouderdom van die persone wat lede is daarvan en enige ander faktor wat die Munisipaliteit as toepaslik beskou, in ag te neem;

"Ingenieur" beteken die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste van die Munisipaliteit of enige ander persoon wat gemagtig is om namens hom op te tree;

"installasie werk" beteken werk ten opsigte van die konstruksie van, of uitgevoer op 'n water installasie;

"intermediêre water dienste" het dieselfde betekenis daaraan gekoppel soos ingevolge die Wet;

klant" beteken 'n persoon met wie die Munisipaliteit 'n ooreenkoms bereik het vir die voorsiening van 'n munisipale diens soos na verwys word in die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering;

"koste" beteken die koers, koste of tarief, uniforme tarief of subsidie soos deur die munisipale raad bepaal;

"loodgieter" beteken 'n persoon wat 'n kwalifiserende Ambagtoets vir Loodgieters afgelê het, of wat uitgereik is met 'n bevoegtheid sertifikaat kragtens die Wet op Mannekrag Opleiding, 1981 (Wet No 56 van 1981) of sodanige ander kwalifikasie soos vereis deur nasionale wetgewing;

"mangat" beteken enige toegangskag na die binneruim van 'n rioolpyp wat voorsien is vir die doel van onderhoud en die skoonmaak daarvan;

"meter" beteken 'n watermeter soos gedefinieer deur die Regulasies afgekondig ingevolge die Wet op

Handelsmeting, 1973 (Wet No 77 van 1973) (soos gewysig);

"metingsapparaat" beteken enige metode, prosedure, proses of toestel, apparaat of installasie wat 'n persoon in staat stel om die hoeveelheid waterdienste wat voorsien word te bepaal en sluit 'n metode, prosedure of proses in waardeur hoeveelhede geskat of aangeneem word;

"munisipale bestuurder" beteken die persoon deur die munisipale raad aangestel as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit ingevolge artikel 82 van die Plaaslike Regering Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet Nr 117 van 1998) en sluit enige persoon in aan wie die munisipale bestuurder 'n mag, funksie of plig gedelegeer het, maar slegs ten opsigte van sodanige mag, funksie of plig;

"munisipale dienste" vir doeleindes van hierdie verordening, beteken dienste voorsien deur 'n munisipaliteit en sluit in water voorsiening, sanitasie en riolering;

"munisipale raad" beteken 'n munisipale raad soos na verwys in artikel 157(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996;

"munisipaliteit" beteken—

(a) George Munisipaliteit, 'n plaaslike munisipaliteit gestig ingevolge artikel 12 van die Strukturewet en daaropvolgende wetgewing; of

(b) onderhewig aan die bepalings van enige ander wet en slegs indien uitdruklik of by wetsduiding vereis of toegelaat deur hierdie verordening, die Munisipale Bestuurder ten opsigte van die uitvoering van enige funksie, of die uitvoering van enige plig, verpligting, of reg ingevolge hierdie verordening of enige ander wet; of

(c) 'n gemagtigde agent van die Munisipaliteit George.

"nat nywerheid" beteken 'n industrie wat nywerheidsafvalwater vrystel;

"nood" beteken enige situasie wat 'n risiko of potensiële risiko vir lewe, gesondheid, die omgewing of eiendom inhou;

"nywerheidsafvalwater" sal alle afvalwater beteken, wat nie huishoudelike afvalwater is nie: Sonder om hierdie definisie te beperk, sal dit afvalwater van alle handel, kommersiële, vervaardiging van voedsel, prosessering prosesse, kommersiële wasserye, (resepteer-) apteke, hospitale, laboratoriums, lykshuise, motorhawens, abbatoirs en dies meer.

"nywerheidsdoeleindes" in verhouding tot die voorsiening van water, beteken watervoorsiening aan enige perseel wat 'n fabriek

uitmaak soos gedefinieer in die Algemene Administratiewe Regulasies, wat ingevolge die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet No 85 van 1993); en sluit in maar is nie beperk nie tot, vir die doel van die verordening, besighede; restaurante; tuis gebaseerde nywerhede of dienste maar uitsluitend gewone huishoudelike afvalwater;

"okkupeerder" beteken 'n persoon wat enige (of deel van enige) grond, gebou, struktuur of perseel bewoon en sluit 'n persoon in wie, vir iemand anders se voordeel of vergoeding 'n ander persoon toelaat om enige (of enige deel van enige) grond, gebou, struktuur of perseel te gebruik of te bewoon;

"omgewingskoste" beteken die volle koste van alle maatreëls wat nodig is om die omgewing na sy oorspronklike staat voor die beskadigende insident, te herstel;

"omgewingsopsie" beteken die opsie wat die grootste voordeel inhou, of die minste skade aan die omgewing as geheel berokken, teen die mees aanvaarbare koste vir die gemeenskap, oor die kort- en lang termyn;

"ongemagtigde diens" beteken die ontvangs, gebruik of verbruik van enige munisipale diens wat nie kragtens 'n ooreenkoms met, of goedkeuring van die munisipaliteit geskied nie;

"onwettige aansluiting" beteken 'n aansluiting aan enige stelsel waardeur water of sanitêre dienste verskaf word maar wat nie deur die Munisipaliteit gemagtig of goedgekeur is nie;

"ooreenkoms" beteken die kontraktuele verhouding tussen die Munisipaliteit en 'n klant ongeag dit geskrewe is of geag word te wees soos vervat in die Munisipaliteit se Verordening Insake Kredietbeheer en Skuldinvordering;

"opgaartenk" beteken 'n tenk wat bedek is en gebruik word vir die ontvangs en tydelike hou van riool en wat van tyd tot tyd leeggepomp moet word;

"op-perseel sanitasie dienste" beteken enige sanitasie dienste buiten water geleide riool wegdoening deur 'n rioolslyk wegdoening stelsel

"perseel" beteken enige gedeelte grond waarvan die eksterne oppervlak grense wat aangeteken is op –

(a) 'n algemene plan of diagram wat geregistreer is ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet No 9 van 1927), of ingevolge die Wet op die Registrasie van Aktes, 1937 (Wet No 47 van 1937); of

(b) 'n deelplan geregistreer ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986);

(c) ‘n register wat deur ‘n stamowerheid gehou word.

“persoon” beteken enige natuurlike persoon, plaaslike regeringsliggaam of soortgelyke owerheid, ‘n maatskappy ingelyf onder enige wet, ‘n liggaam van persone hetsy ingelyf al dan nie, ‘n statutêre liggaam, openbare dienste liggaam, vrywillige vereniging of trust;

“professionele ingenieur” beteken ‘n persoon wat ingevolge die Wet op die Ingenieursprofessie, 2000 (Wet No 46 van 2000) as ‘n professionele ingenieur geregistreer is en sluit dit ‘n professionele tegnoloog en –tegnikus in;

“publieke kennisgewing” beteken ‘n publikasie in die media insluitend een of meer van die volgende:

(a) Publikasie van ‘n kennisgewing in die amptelike tale soos deur die munisipale raad bepaal:
   (i) in enige plaaslike koerant of koerante wat in die munisipale voorsieningsgebied sirkuleer;
   (ii) in ‘n koerant of koerante wat in die voorsieningsgebied sirkuleer wat deur die munisipale raad beskou word as ‘n koerant ten dese; of
   (iii) op die amptelike webtuiste van die Munisipaliteit;
   (iv) deur die uitsaai van radio flitse binne die voorsieningsgebied van die munisipaliteit

(b) Vertoning van ‘n kennisgewing op of by enige perseel, kantoor, biblioteek of betaalpunt van óf die munisipaliteit, of sy gemagtigde agent, tot wie die publiek redelike toegang het; en

(c) Kommunikasie met klante deur publieke vergaderings en wykskomitee vergaderings;

“publieke water” beteken enige rivier, waterbaan, baai, riviermond, die see en enige ander water waartoe die publiek die reg van gebruik of toegang het;

“Raad” beteken die Raad van die Munisipaliteit George;

“reinigingsoog” beteken enige toegangsopening tot die binnekant van ‘n afvoerpyp of vangput wat voorsien is vir die doel van interne reiniging;

“rekening” beteken ‘n rekening vir munisipale dienste wat voorsien is;

“rente” beteken rente soos voorgeskryf deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1 van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No 55 van 1975) (soos gewysig);

"riool"	beteken afvalwater, nywerheidsafvalwater, standaard huishoudelike afvalwater en ander afval vloeistof, hetsy gesamentlik of afsonderlik, maar dit sluit nie stormwater in nie;
"rioolpyp"	beteken enige pyp of geleiding wat die eiendom is van, of vestig in die munisipaliteit of sy gemagtigde agent en wat gebruik mag word in die afvoer van riool vanaf die aansluitingsriool maar sluit nie 'n drein in soos gedefinieer nie;
"riool wegdoening stelsel"	beteken die strukture, pype, kleppe, pompe, meters of ander toebehore wat gebruik word in die afvoer deur die riool netwerk stelsel en behandeling by 'n rioolaanleg onder beheer van die munisipaliteit of sy gemagtigde agent, wat dit mag gebruik in verband met die wegdoening van riool en sluit dit wegdoening in die see in;
"SANS"	beteken die Suid - Afrikaanse Nasionale Standaard;
"sanitasie dienste"	het dieselfde betekenis daaraan gekoppel soos ingevolge die Wet en sluit, vir doeleindes van hierdie verordening, water vir nywerheidsdoeleindes en die wegdoening van nywerheidafvalwater, in.
"sanitasie stelsel"	beteken die strukture, pype, kleppe, pompe, meters of ander toebehore wat gebruik word vir afvoer deur die rioolnetwerk stelsel en behandeling by die riool behandelingsaanleg onder beheer van die munisipaliteit en wat deur dit gebruik mag word in aansluiting met die wegdoening van riool;
"see uitvalle"	beteken die uitlating van afvalwater direk in die see;
"septiese tenk"	beteken 'n waterdigte tenk wat ontwerp is om nagvuil te ontvang en om die effektiewe ontbinding van organiese materie in riool deur bakteriese aksie;
"staanpyp"	beteken 'n aansluiting waardeur watervoorsienings-dienste voorsien word aan meer as een persoon;
"standaard huishoudelike afvalwater"	sal beteken afvalwater wat die resultaat is van normale en gewone huishoudelike gebruik by residensiële eiendomme en uitlatings van toiletpanne, urinale, baddens, opwasbakke, huishoudelike waskamers. Sonder om hierdie definisie te beperk sal dit afvalwater van normale enkelresidensiële huishoudings, woonstelblokke, skoolkoshuise, losies woonhuise, hotelle, kafeteria, kantien en soortgelyke uitlatings insluit;
"stapelriool"	beteken 'n grond drein vir die afvoer van riool en afvalwater van 'n septiese tenk;

"stormwater" beteken water wat die gevolg is van natuurlike neerslag of versameling en sluit reënwater, ondergrondse water of fonteinwater in;

"terminale water sluitstuk" beteken 'n water sluitstuk aan die uitlaat van 'n water installasie wat die uitvloei van die water vanuit 'n water installasie beheer;

"vangput" beteken 'n pypsluitstuk of gedeelte van 'n sanitasie toestel ontwerp om 'n waterseël te bevat wat as 'n versperring sal dien teen die vloei van vuil lug of gas;

"vasgestelde hoeveelheid water leweringstelsel" beteken 'n water installasie, wat 'n vasgestelde hoeveelheid water aan 'n klant op 'n enkele dag lewer;

"vloed vlakte (1 in 50 jaar)" beteken daardie vlak wat deur vloedwaters bereik word as gevolg van 'n storm wat 1 in 50 jaar herhaal;

"vloed vlakte (1 in 100 jaar)" beteken daardie gebied wat oorstroom word deur 'n storm wat 1 in 100 jaar herhaal;

"voorgeskrewe tarief of koste" beteken 'n koste voorgeskryf deur die munisipaliteit;

"voorsieningsgebied" beteken enige gebied geheel of gedeeltelik binne die jurisdiksiegebied van die Munisipaliteit aan wie 'n waterdiens voorsien word;

"water dienste" beteken water voorsieningsdienste en sanitasie dienste en het dieselfde betekenis soos ingevolge die Wet daaraan gekoppel en sluit, vir die doeleinde van hierdie verordening, nywerheidsdoeleindes en die wegdoening van nywerheidsafvalwater in;

"water installasie" beteken die pype en water sluitstukke wat op enige perseel geleë is en in die eienaar daarvan vestig en gebruik word of beoog gebruik te word in verband met die gebruik van water op sodanige perseel en sluit 'n pyp en water sluitstuk in wat buite die grense van 'n perseel geleë is wat óf aan die aansluitingspyp van sodanige perseel koppel, of wat andersins met die toestemming van die munisipaliteit of sy gemagtigde agent gelê is;

"water sluitstuk" beteken 'n komponent van 'n water installasie, anders as 'n pyp, waardeur water vloei of waarin dit gestoor word;

"water voorsieningsdienste" het dieselfde betekenis daaraan gekoppel soos ingevolge die Wet en sluit in, vir doeleindes van hierdie verordening, water vir nywerheidsdoeleindes en die wegdoening van nywerheidsafvalwater;

"water voorsiening stelsel" beteken die strukture, kanale, pype, kleppe, pompe, meters of ander apparaat wat verband hou daarmee, die eienaarskap waarvan in die munisipaliteit of sy gemagtigde agent vestig en wat gekoppel is aan of beoog gekoppel te word in verband met die voorsiening van water en sluit enige deel van die stelsel in;

"werksdag" beteken 'n dag buiten 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag;

"Wet" beteken die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet No. 108 of 1997), soos van tyd tot tyd gewysig;

"wooneenheid" beteken 'n onderling verbinde groep vertrekke, insluitend 'n kombuis of opwaskamer, ontwerp vir bewoning deur 'n enkele gesin, ongeag of die wooneenheid 'n enkel gebou is of deel vorm van 'n gebou wat twee of meer wooneenhede bevat.

HOOFSTUK 2: AANSOEK, BETALING EN OPSEGGING

DEEL 1: AANSOEK VIR WATER DIENSTE

2. Aansoek vir Water Dienste

(1) Geen persoon sal toegang verkry tot water dienste nie, behalwe as aansoek gedoen is op die voorgeskrewe vorm en dit goedgekeur is deur die Munisipaliteit ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

(2) Water dienste gelewer aan ‘n klant deur die Munisipaliteit is onderhewig aan die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering, hierdie verordening en die voorwaardes vervat in die toepaslike ooreenkoms.

3. Spesiale Reëlings vir Water Dienste

Die Munisipaliteit mag ‘n spesiale ooreenkoms vir die voorsiening van water dienste met ‘n aansoeker aangaan, ooreenkomstig die bepalings van die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

4. Verandering in Doel Waarvoor Water Dienste gebruik word

Wanneer die doel vir, of die omvang waartoe, enige munisipale diens verander, moet die klant onmiddellik die Munisipaliteit in kennis stel en ‘n nuwe ooreenkoms met die Munisipaliteit sluit.

DEEL 2: KOSTES

5. Voorgeskrewe Kostes vir Water Dienste

(1) Alle toepaslike kostes betaalbaar ten opsigte van water dienste, insluitend maar nie beperk tot die betaling van aansluitingskostes, vaste kostes of enige bykomende kostes of rente, sal deur die munisipale raad vasgestel word ooreenkomstig -

(a) Sy Heffings- en Tariewe Beleid;

(b) Enige verordening in verband daarmee; en

(c) Enige regulasie kragtens nasionale of provinsiale wetgewing;

(2) Verskille tussen kategorië klante, gebruikers van dienste, tipes en vlakke van dienste, hoeveelhede van dienste, infrastruktuur vereistes en geografiese gebiede, mag die instelling van eiesoortige veranderinge regverdig;

6. Beskikbaarheidsgelde vir Water Dienste

(1) Die Munisipaliteit mag, bo en behalwe daardie kostes bepaal vir water dienste wat werklik voorsien is, ‘n maandelikse vaste koste hef, ‘n jaarlikse vaste koste of slegs een vaste koste waar water dienste beskikbaar is, ongeag of sodanige dienste verbruik word al dan nie.

(2) Waar ‘n vaste koste gehef word kragtens subartikel 6(1), sal dit betaalbaar wees deur elke eienaar of verbruiker ten opsigte van water dienste voorsien deur die Munisipaliteit of sy gemagtigde agent aan hom, haar of dit, ongeag of water dienste deur hom, haar of dit gebruik word.

(3) Beskikbaarheidsgelde is betaalbaar:

(a) By oordrag van ‘n gedeelte of erf aan ‘n ander eienaar (vir ‘n privaatontwikkeling is dit wanneer ‘n gedeelte of erf oorgedra word).

(b) Wanneer die dienste beskikbaar raak – waar ‘n nuwe diens voorsien word deur die wettige water verskaffer (Munisipaliteit of privaat entiteit).

DEEL 3: BETALING

7. Betaling vir Water Dienste

Die eienaar, okkupeerder en klant is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van alle water dienste kostes en water dienste verbruik deur ‘n klant, ooreenkomstig die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering. Nota: Kapitale bydraes is ‘n tarief en die voorgenoemde is van toepassing.

DEEL 4: OPSEGGING, BEPERKING EN DIENSAANSLUITING

8. Opsegging van Ooreenkoms vir die Voorsiening van Water Dienste

‘n Klant mag ‘n ooreenkoms vir die voorsiening van water dienste ooreenkomstig die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering beëindig.

9. Beperking en of Opsegging van Voorsiene Water Dienste

(1) Die Ingenieur mag die verskafte water voorsieningsdienste ingevolge hierdie verordening op grond van enige van die volgende gronde beperk of opskort:

(a) versuim om die bepaalde kostes op die gespesifiseerde datum te betaal;

(b) ingevolge en nadat die prosedure uiteengesit in die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering toegepas is;

(c) op skriftelike versoek van die klant;

(d) indien die ooreenkoms vir die voorsiening van dienste beëindig is ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering;

(e) indien die gebou op die perseel waaraan dienste voorsien is, gesloop moet word; dit is die verantwoordelikheid van die eienaar/okkupeerder om kennis te gee van enige gebou wat gesloop staan te word;

(f) indien die klant ingemeng het met ‘n beperkte of opgeskorte diens;

(g) in geval van nood of ‘n noodsituasie wat ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering afgekondig is; of

(h) indien die klant inmeng, peuter of skade aan die water voorsiening stelsel van die Munisipaliteit aangerig het of toegelaat of veroorsaak het dat met die stelsel ingemeng, gepeuter of dit beskadig word met die doel om toegang tot die water voorsieningsdienste te verkry, na kennisgewing deur die Munisipaliteit;

(2) Die Ingenieur mag die sanitasie dienste wat ingevolge hierdie verordening voorsien is, ontkoppel -

(a) op skriftelike versoek van die klant;

(b) indien die ooreenkoms vir die voorsiening van sanitasie dienste beëindig is ingevolge die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering; of

(c) indien die gebou op die perseel waaraan dienste voorsien is, gesloop moet word; dit is die verantwoordelikheid van die eienaar/okkupeerder om kennis te gee van enige gebou wat gesloop staan te word;

(3) Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir enige skade of eise wat mag voortspruit uit die beperking of beëindiging van water dienste, wat kragtens subartikel (1) en (2), insluitend skade of eise wat mag voortspruit uit die beperking of beëindiging van water dienste deur die Munisipaliteit in die *bona fide* geloof dat die bepalings van subartikel (1) en (2) wel van toepassing was nie, met uitsondering van die geval van klante wat foutiewelik aangeslaan is;

HOOFSTUK 3: DIENSVLAKKE

10. Diensvlakke

(1) Die Munisipale Raad mag van tyd tot tyd en ooreenkomstig nasionale beleid, maar onderhewig aan die beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid, deur openbare kennisgewing, die vlak van dienste wat aan klante voorsien kan word, bepaal.

(2) Die Munisipale Raad mag tydens die bepaling van diensvlakke, onderskei tussen tipe klante, huishoudelike klante, geografiese gebiede en sosio- ekonomiese gebiede.

(3) Die vlakke van diens, soos omskryf in die Water en Sanitasie Diensvlak Beleid of soos deur die Raad bepaal mag, onderhewig aan subartikel (1), deur die Munisipaliteit voorsien word met die afkondiging van hierdie verordening.

HOOFSTUK 4: VOORWAARDES VIR WATER VOORSIENINGSDIENSTE

DEEL 1: AANSLUITING BY WATERVOORSIENINGSTELSEL

11. Voorsiening van Aansluitingspyp

(1) Indien ‘n ooreenkoms vir watervoorsieningsdienste ten opsigte van ‘n perseel voltrek is en geen aansluitingspyp bestaan ten opsigte van die perseel nie, sal die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek doen en die voorgeskrewe koste vir die installering van sodanige pyp betaal.

(2) Indien ‘n aansoek gemaak word vir watervoorsieningsdienste wat van so ‘n aard is of so geleë is dat die diens verleng, gewysig of opgradeer moet word ten einde dit aan die perseel te kan lewer, mag die Munisipaliteit tot die uitbreiding instem, mits die eienaar vir die koste van die uitbreiding, soos deur die Ingenieur bepaal, betaal.

(3) Slegs die Ingenieur mag ‘n aansluitingspyp installeer, maar die eienaar of klant mag die water installasie aan die aansluitingspyp koppel.

(4) Geen persoon mag enige ontwikkeling begin tensy die Ingenieur ‘n aansluitingspyp en meter geinstalleer het nie.

12. Ligging van Aansluitingspyp

(1) ‘n Aansluitingspyp voorsien en geinstalleer deur die Ingenieur sal-

(a) In ‘n ligging en posisie wees en sal van ‘n geskikte grootte wees, soos deur die Ingenieur bepaal.

(b) Beëindig word by-

(i) Die grens van die grond wat besit word deur of vestig in die Munisipaliteit, of waaroor dit ‘n serwituut of ander reg het; of

(ii) Die uitlaat van die watermeter of isoleringsklep, indien dit op die perseel geleë is.

(2) Die Ingenieur mag op versoek van enige persoon instem, onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die Ingenieur mag oplê, tot ‘n aansluiting aan ‘n hoofleiding anders as dit wat meer geredelik beskikbaar is, vir die voorsiening van water voorraad aan die perseel, op voorwaarde dat die aansoeker vir enige uitbreiding van die water installasie tot by die aansluitingspunt deur die Munisipaliteit aangewys, verantwoordelik sal wees, asook vir die verkryging op eie koste, van enige serwituut oor ander persele indien nodig.

(3) ‘n Eienaar moet eers die vasgestelde aansluitingskoste betaal alvorens ‘n water aansluiting gemaak word.

13. Voorsiening van ‘n Enkele Wateraansluiting vir Verskaffing aan Verskeie Klante op Dieselfde Perseel

(1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 12, mag slegs een aansluitingspyp na die water voorsiening stelsel verskaf word vir die

voorsiening van water aan enige perseel, ongeag die aantal wooneenhede, sake eenhede of klante op sodanige perseel geleë, op voorwaarde dat ‘n aansoek vooraf ingedien en deur die Ingenieur goedgekeur word.

(2) Waar die eienaar, of die persoon in beheer of bestuur van enige perseel waarop verskeie akkommodasie eenhede geleë is, die voorsiening van water aan sodanige perseel vereis vir die doel van verspreiding aan die verskeie akkommodasie eenhede, mag die Ingenieur, in sy diskresie,

(a) ‘n Enkele meet apparaat ten opsigte van die perseel as geheel of enige aantal van sodanige akkommodasie eenhede; of

(b) ‘n Afsonderlike meet apparaat vir elke akkommodasie eenheid of enige aantal daarvan

voorsien en installeer.

(3) Waar die Ingenieur ‘n enkele meet apparaat installeer het soos beoog onder subartikel (2)

(a) Moet die eienaar of die persoon in beheer of bestuur van die perseel, soos die geval mag wees

(i) ‘n afsonderlike meet apparaat; en

(ii) ‘n isoleringsklep

installeer en onderhou op elke vertakpyp wat vanaf die aansluitingspyp na die verskeie akkommodasie eenhede uitgaan.

(b) Sal die eienaar of die persoon in beheer of bestuur van die perseel, soos die geval mag wees, aan die Munisipaliteit aanspreeklik wees vir die kostes van al die water aan die perseel gelewer deur sodanige enkele meet apparaat, ongeag van die verskillende hoeveelhede verbruik deur die verskillende klante bedien deur sodanige meet apparaat.

(4) Waar ‘n perseel toegerus is met ‘n aantal aansluitingspype, mag die Ingenieur vereis dat die eienaar die getal aansluitingspunte verminder en sy water installasie dienooreenkomstig aanpas.

14. Ontkoppeling van Water Installasie van die Aansluitingpyp

Die Ingenieur mag ‘n water installasie van die aansluitingspyp ontkoppel en die aansluitingspyp verwyder wanneer ‘n ooreenkoms vir die voorsiening van water verskaffingsdienste ooreenkomstig die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering, verval.

DEEL 2: STANDAARDE

15. Hoeveelheid, Kwaliteit en Druk

Watervoorsieningsdienste deur die Munisipaliteit verskaf, moet aan die minimum standaarde soos vasgestel vir die verskaffing van watervoorsieningsdienste ingevolge artikel 9 van die Wet, voldoen.

16. Toets van Druk in Watervoorsieningstelsel

Die Ingenieur mag, op aansoek deur ‘n eienaar en teen betaling van die vasgestelde koste, die druk in die watervoorsieningstelsel in verhouding tot sy perseel bepaal en aan die eienaar verskaf oor die tydperk soos deur die eienaar vereis.

17. Besoedeling van Water

‘n Eienaar moet goedgekeurde maatreëls instel en onderhou, ten einde te voorkom dat enige stof, wat moontlik ‘n gevaar vir gesondheid of nadelige invloed op die opgaar kwaliteit van water of die geskiktheid vir gebruik daarvan mag inhou, in –

(a) die watervoorsieningstelsel; en

(b) enige deel van die water installasie op sy perseel, voorsien.

18. Waterbeperkings

(1) Die Munisipaliteit mag vir doeleindes van water bewaring of waar, na sy mening, droogte beperkings ophande is, deur openbare kennisgewing –

(a) die verbruik van water in die hele of gedeelte van sy regsgebied verbied of beperk -

(i) in die algemeen of vir spesifieke doeleindes;

(ii) gedurende spesifieke ure van die dag of op spesifieke dae;

(iii) op ‘n bepaalde manier; en

(b) die volgende bepalings en voorskrifte maak –

(i) ‘n beperking op die hoeveelheid water wat verbruik mag word oor ‘n spesifieke tydperk;

(ii) kostes bykomend tot dit wat reeds ten opsigte van die voorsiening van water vasgestel is, bo en behalwe die beperkings beoog onder subartikel (1)(b)(i); en

(iii) ‘n algemene toeslag op die vasgestelde kostes ten opsigte van die voorsiening van water; en

(iv) ‘n boete, welke bedrag in die aankondiging gepubliseer moet word, per insident, waar ‘n oortreding van ‘n openbare aankondiging oor water beperkings plaasgevind het.

(c) ‘n verbod of beperkings instel op die gebruik of manier van gebruik of opstelling van ‘n toestel waardeur water gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toestel aan die water installasie.

(2) Die Munisipaliteit mag die toepassing van bepalings van ‘n kennisgewing beoog by subartikel (1), tot spesifieke gebiede en kategorië van klante of

gebruikers van persele en aktiwiteite beperk, en mag afwykings en vrystellings van, en die verslapping van, enige van sy bepalings waar daar voldoende rede is om dit te doen, toelaat.

(3) Die Munisipaliteit -

(a) mag, deur geskrewe kennisgewing, ‘n klant vereis om op eie koste sodanige maatreëls, insluitend die installering van meet toerusting en toerusting vir die beperking van die vloei van water, soos wat na sy mening, nodig mag wees ten einde voldoening aan ‘n kennisgewing ingevolge subartikel (1) gepubliseer, te verseker.

(b) mag, onderhewig aan kennisgewing en vir sodanige tydperke soos wat dit goed ag, die voorsiening van water na enige perseel, in die geval van ‘n oortreding van hierdie verordening wat plaasvind in of op sodanige perseel, of versuim om die bepalings van ‘n kennisgewing ingevolge subartikel (1) gepubliseer, na te kom, beperk; en

(c) sal, waar die toevoer beëindig is, dit slegs herstel wanneer die bepaalde kostes vir beëindiging en heraansluiting van die toevoer, betaal is.

19. Spesifieke Voorwaardes vir Toevoer

(1) Nieteenstaande die onderneming in artikel 15, sal die goedkeuring van die toevoer van water deur die Munisipaliteit nie as ‘n onderneming beskou word om ten alle tye of op enige punt in sy water toevoer stelsel, -

(a) ‘n ononderbroke toevoer, onderhewig aan die bepalings van regulasie 4 en 14 van Regulasie 22355 afgekondig ingevolge die Wet op 8 Junie 2003; of

(b) ‘n spesifieke druk of vloeisnelheid in sodanige toevoer, anders as vereis ingevolge regulasie 15(2) van regulasie 22355, afgekondig ingevolge die Wet op 8 Junie 2003,

te handhaaf nie.

(2) Die Ingenieur mag, onderhewig aan die bepalings van subartikel (1)(b), die maksimum druk waarteen water vanuit die water toevoer stelsel voorsien sal word, spesifiseer.

(3) Indien ‘n eienaar of klant vereis -

(a) dat enige van die standaarde waarna in subartikel (1) verwys; of

(b) dat ‘n hoër standaard van diens as wat in artikel 15 gespesifiseer word, op sy perseel gehandhaaf word, sal hy of sy die nodige stappe doen ten einde te verseker dat die voorgestelde water installasie geskik is vir sodanige standaarde.

(4) Die Ingenieur mag tydens nood, sonder vooraf kennisgewing, die toevoer van water na enige perseel onderbreek.

(5) Indien na die mening van die Ingenieur, die verbruik van water deur ‘n klant die toevoer van water aan ‘n ander klant nadelig beïnvloed, mag hy sodanige beperkings aan die water toevoer van die klant toepas as wat hy nodig ag, ten einde ‘n redelike toevoer van water aan die ander klant te verseker en moet hy die klant oor die beperkings inlig.

(6) Die Munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige skade aan eiendom as gevolg van die vloei van water vanuit enige water installasie wat oop gelaat word wanneer die water toevoer herstel is, na ‘n onderbreking in toevoer nie.

(7) Elke stoomketel, hospitaal, nywerheid en enige perseel wat, vir die doel van die werk wat op die perseel onderneem word, ‘n aaneenlopende toevoer van water benodig, sal ‘n opgaartenk, waarin water gestoor kan word wanneer die aaneenlopende toevoer onderbreek word, wat aan die bepalings in SANS 0252 Deel 1 moet voldoen, met ‘n kapasiteit van nie minder nie as ‘n 24 uur water voorraad, bereken as die hoeveelheid benodig om aan die gemiddelde daaglikse verbruik te voldoen.

(8) Geen klant sal water herverkoop wat deur die Munisipaliteit aan hom verkoop is nie, buiten met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, welke toestemming die maksimum prys waarteen die water herverkoop mag word bepaal, en die Munisipaliteit mag sodanige ander voorwaardes instel as wat dit nodig ag.

DEEL 3: METINGS

20. Meting van Hoeveelheid van Water Toevoer

(1) Die Ingenieur moet ‘n metingstoestel verskaf, ontwerp om ‘n beheerde volume water of ‘n onbeheerde volume water aan ‘n klant te voorsien.

(2) Die Munisipaliteit moet teen gereelde tussenposes, die hoeveelheid water gelewer, deur ‘n metingstoestel ontwerp om ‘n onbeheerde volume water, meet.

(3) Enige metingstoestelle en geassosieerde apparaat waardeur water aan ‘n klant deur die Munisipaliteit voorsien word, sal deur die Ingenieur voorsien en installeer word en sal die eiendom van die Munisipaliteit bly en mag deur die Ingenieur vervang en onderhou word wanneer ook al hy dit nodig ag.

(4) Die Ingenieur mag ‘n metingstoestel en geassosieerde apparaat op enige punt op die dienspyp installeer.

(5) Indien die Ingenieur ‘n metingstoestel ingevolge subartikel (4) op ‘n dienspyp installeer, mag hy ‘n gedeelte pyp met meegaande bybehore tussen die einde van die aansluitingspyp en die meter installeer en daardie gedeelte sal deel van die water installasie vorm.

(6) Indien die Ingenieur ‘n metingstoestel tesame met geassosieerde apparaat op ‘n dienspyp ingevolge subartikel (4) installeer, sal die eienaar -

(a) ‘n plek tot bevrediging van die Ingenieur voorsien waarin dit installeer kan word;

(b) verseker dat onbeperkte toegang te alle tye beskikbaar is;

(c) verantwoordelik wees vir die beskerming van die toerusting en aanspreeklik wees vir die koste wat sou voortspruit uit skade daaraan, met uitsluiting van skade wat voortspruit uit normale sluitasie;

(d) verseker dat geen aansluiting gemaak word aan die pyp waarin die metingstoestel installeer is tussen die metingstoestel en die aansluitingspyp wat die installasie bedien nie;

(e) voorsiening maak vir die dreinering van water wat vanuit die pyp uitvloei, waarin die metingstoestel installeer is, in die loop van werk wat deur die Ingenieur op die metingstoestel gedoen word; en

(f) nie enige passtuk, masjien of toestel wat skade veroorsaak of wat, na die mening van die Ingenieur, moontlik skade aan enige meter kan veroorsaak gebruik of toelaat dat dit in enige water installasie gebruik word nie;

(g) indien deur die Ingenieur vereis, ‘n koste vir die installasie toestel betaal, welke bedrag betaalbaar sal wees minstens 48 uur voor enige toestel installeer word.

(7) Geen persoon buiten die Ingenieur sal:

(a) ‘n metingstoestel en geassosieerde apparaat van die pyp waarop dit installeer is, ontkoppel nie;
(b) ‘n seël wat die Ingenieur op ‘n meter geplaas het, breek nie; of

(c) op enige ander manier inmeng met ‘n metingstoestel en geassosieerde apparaat nie;

(d) ‘n metingstoestel op ‘n munisipale stelsel of ‘n stelsel wat deur die Munisipaliteit oorgeneem staan te word installeer, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Ingenieur nie.

(8) Indien die Ingenieur van mening is dat ‘n metingstoestel van ‘n grootte is wat nie geskik is vir die hoeveelheid water toevoer na die perseel nie, mag hy ‘n meter wat as geskik geag word installeer, en mag die bepaalde koste vir die installering van die meter van die eienaar van die perseel verhaal word.

(9) Die Munisipaliteit mag op die eienaar se koste, die installering van ‘n vooraf goedgekeurde metingstoestel in elke wooneenheid (eie titel eiendomme) vereis, in afsonderlike bewoning, op enige perseel, vir gebruik in die vasstelling van die hoeveelheid water toevoer na elke sodanige eenheid; maar waar beheerde volume water lewering stelsels

gebruik word (beheerliggaam), mag ‘n enkele metingstoestel andersins gebruik word vir meer as een eenheid.

(10) Die voorsiening van ‘n indiwiduele of grootmaat metering stelsel, moet deur die Ingenieur goedgekeur word voor installasie.

21. Hoeveelheid Water Voorsien aan Klant

(a) Vir die doel van vasstelling van die hoeveelheid water wat deur ‘n metingstoestel gemeet is met ‘n metingstoestel wat deur die Ingenieur installeer is en wat aan ‘n klant voorsien is oor ‘n bepaalde tydperk, sal dit, vir die doeleindes van hierdie verordening, aanvaar word, met uitsondering van enige kriminele gedinge en behalwe as die teendeel bewys word, dat die hoeveelheid, waar die metingstoestel ontwerp is om ‘n onbeheerde volume water te voorsien, die verskil is tussen meetings geneem aan die begin en die einde van daardie tydperk;

(b) die hoeveelheid, waar die metingstoestel ontwerp is om ‘n beheerde volume water te voorsien, is die volume wat deur die metingstoestel gevloei het;

(c) die metingstoestel akkuraat was gedurende daardie tydperk; en

(d) die inskrywings in die rekords van die Munisipaliteit reg gedoen is; en

(e) indien water voorsien word aan, of geneem word deur ‘n klant, alvorens dit deur ‘n metingstoestel passeer het, sal die beraming deur die Munisipaliteit van die hoeveelheid van die water veronderstel korrek te wees, behalwe in enige kriminele gedinge, behalwe as die teendeel bewys word.

(1) Waar water wat deur die Munisipaliteit voorsien is aan enige perseel, deur die klant geneem word alvorens dit deur die metingstoestel deur die Munisipaliteit voorsien passeer het, mag die Munisipaliteit vir die doeleindes van lewering van ‘n rekening, ooreenkomstig subartikel (3), die hoeveelheid water voorsien aan die klant gedurende die tydperk soos deur die klant geneem, skat.

(2) Vir die doeleindes van subartikel (2), sal die beraming van die hoeveelheid water aan die klant voorsien, soos die Munisipaliteit mag besluit, gebasseer wees op óf

(a) die gemiddelde maandelikse verbruik van water op die perseel, aangeteken oor drie opeenvolgende meting tydperke, na die datum waarop ‘n ongeruimdheid soos in subartikel (2) na verwys, ontdek en reggestel is, óf

(b) die gemiddelde maandelikse verbruik van water op die perseel, gedurende enige drie opeenvolgende meting tydperke, gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum waarop ‘n ongeruimdheid in subartikel (2) na verwys, ontdek is.

(3) Niks in hierdie verordening sal vertolk word as synde ‘n verpligting op die Munisipaliteit te plaas wat maak dat enige meettoestel deur die Ingenieur op enige perseel geinstalleer, elke maandeinde of enige ander vaste tydperk, gemeet moet word nie en die Munisipaliteit mag die klant belas

vir ‘n gemiddelde verbruik gedurende die interval tussen opeenvolgende metings met die metingstoestel.

(4) Totdat ‘n metingstoestel geinstalleer is ten opsigte van water voorsien aan ‘n klant, moet die beraming of gedeelde verbruik van daardie klant gedurende ‘n bepaalde tydperk, gebasseer wees op die gemiddelde verbruik van water voorsien aan die spesifieke toevoer sone waarin die klant se perseel geleë is.

(5) Waar, na die mening van die Ingenieur, dit nie redelik moontlik of koste effektief is om water wat aan elke klant binne die toevoer sone gelewer is, te meet nie, mag die Munisipaliteit ‘n tarief of koste, gebasseer op die geskatte of gedeelde verbruik van water voorsien in daardie toevoer sone, bepaal.

(6) By ontvangs van ‘n skriftelike kennisgewing en onderhewig aan die betaling van die bepaalde koste, moet die Munisipaliteit binne sewe dae die hoeveelheid water voorsien aan die klant meet, op ‘n tyd of op ‘n dag anders as die dag waarop dit normaalweg gemeet sou word,

(7) Indien ‘n oortreding van subartikel (7) plaasvind, moet die klant die koste van wat ook al die hoeveelheid water, na die mening van die Munisipaliteit, aan hom voorsien is, betaal.

(8) Indien ‘n klant rede het om te glo dat ‘n meettoestel, vir die meet van water, wat aan hom of haar voorsien is deur die Munisipaliteit, foutief is, mag hy of sy die stappe doen waarvoor voorsiening gemaak is in die Munisipaliteit se Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

22. Spesiale Meting

(1) Indien die Ingenieur vir doeleindes anders as die koste vir water verbruik, dit nodig ag om die hoeveelheid water vas te stel wat gebruik word as deel van die water installasie, mag hy, by skriftelike kennisgewing, die betrokke eienaar in kennis stel van sy voorneme om ‘n meettoestel, by enige punt in die water installasie wat hy mag spesifiseer, installeer.

(2) Die installering of verwydering van ‘n meettoestel waarna in subartikel (1) verwys en die herstelling van die water installasie na sodanige verwydering, sal op onkoste van die munisipaliteit uitgevoer word.

(3) Die bepalings van artikel 20(5) en 20(6) sal van toepassing wees insoverre dit van toepassing mag wees ten opsigte van ‘n meettoestel wat ingevolge subartikel (1) installeer is.

23. Geen Vermindering van Bedrag Betaalbaar vir Vermorste Water

‘n Klant sal nie geregtig wees op ‘n vermindering in die bedrag betaalbaar vir vermorste water of verlore water uit ‘n water installasie nie, tensy andersins deur ooreenkoms of deur die Raad bepaal (tensy dit bewys kan word dat die Munisipaliteit nalatig was.)

DEEL 4: OUDIT

24. Water Oudit

(1) Die Munisipaliteit mag binne een maand na die einde van sy finansiële jaar, van ‘n klant vereis om ‘n water oudit op eie onkoste te onderneem.

(1) Die oudit moet ten minste die volgende insluit en rapporteer –

(a) die hoeveelheid water gebruik gedurende die finansiële jaar;

(b) die bedrag betaal vir water vir die finansiële jaar:

(c) die aantal mense wat op die standplaas of perseel woonagtig is;

(d) die aantal mense wat permanent op die standplaas of perseel werksaam is;

(e) die seisoenale wisseling in vraag by wyse van maandelikse verbruiksyfers;

(f) die waterbesoedeling monitering metodes;

(g) die heersende inisiatiewe vir die bestuur van die vraag na water;

(h) die planne om hul vraag vir water te bestuur;

(i) ‘n vergelyking van die verslag met enige verslag wat moontlik gedoen is gedurende die voorafgaande drie jaar;

(j) beramings van verbruik deur die onderskeie komponente van gebruik; en

(k) ‘n vergelyking van bogenoemde faktore met die wat gedurende die afgelope drie jaar gerapporteer is, waar beskikbaar.

(l) enige ander inligting wat die Ingenieur mag nodig ag.

DEEL 5: INSTALLASIE WERK

25. Goedkeuring van Installasie Werk

(1) Indien ‘n eienaar verlang dat installasie werk gedoen word, moet hy of sy eers die Ingenieur se skriftelike toestemming verkry; met dien verstande dat goedkeuring nie vereis word in geval van water installasies in wooneenhede, of installasies waar geen brand installasie ingevolge SANS 0400 vereis word nie, of ingevolge enige munisipale verordening nie, of vir die herstel of vervanging van ‘n bestaande pyp of water koppelstuk anders as ‘n vaste water badketel met meegaande beskermingstoestelle nie.

(a) Aansoek vir die goedkeuring in subartikel (1) na verwys moet op die voorgeskrewe vorm gemaak word en vergesel van die vasgestelde koste, indien van toepassing; en

(b) afskrifte van die tekeninge soos bepaal mag word deur die Munisipaliteit, met inligting in die vorm vereis deur Klousule 4.1.1 van SANS Kode 0252: Deel I;

serfikaat wat sertifiseer dat die installasie ontwerp is ooreenkomstig SANS Kode 0252: Deel I, deur ‘n geregistreerde professionele Ingenieur.

(2) Magtiging verleen ingevolge subartikel (1), sal verval aan die einde van ‘n tydperk van twaalf maande.

(3) Waar goedkeuring vereis word ingevolge subartikel (1), moet ‘n volledige stel goedgekeurde tekeninge van installasie werk te alle tye beskikbaar wees by die werksterrein, totdat die werk voltooi is.

(4) Indien installasie werk teenstrydig met die bepalings van subartikel (1) of (2) gedoen is, mag die Munisipaliteit van die eienaar vereis om op eie koste -

(a) die teenstrydigheid binne ‘n spesifieke tydperk reg te stel;

(b) die werk wat ‘n aanvang geneem het te staak; en

(c) sodanige werk wat nie aan hierdie verordening voldoen nie, te verwyder.

26. Persone Toegelaat om Installasie en Ander Werk te doen

(1) Slegs ‘n loodgieter, ‘n persoon onder toesig van ‘n loodgieter, of ‘n ander persoon wat skriftelik deur die Munisipaliteit gemagtig is, sal toegelaat word om -

(a) installasie werk anders as die vervanging of herstel van ‘n bestaande pyp of waterkoppeling te doen;

(b) ‘n vaste water badketel of meegaande beskermende toestelle te vervang;

(c) ‘n water installasie, brand installasie of opgaartenk te inspekteer, ontsmet en te toets;

(d) ‘n terugvloei afweerder te diens, herstel of te vervang; of

(e) ‘n meter in ‘n water installasie wat deur ‘n eienaar voorsien is, te installeer, onderhou of vervang.

(2) Geen persoon sal van ‘n ander persoon vereis of hom in diens neem, om die werk waarna in subartikel (1) verwys word, te doen, wat nie ‘n loodgieter is nie.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (2), mag die Munisipaliteit ‘n persoon wat nie ‘n loodgieter is nie, toelaat om installasie vir homself te doen op ‘n perseel wat deur hom besit en slegs deur homself en sy onmiddellike huishouding bewoon word, met dien verstande dat sodanige werk deur ‘n loodgieter wat deur die Ingenieur aangewys word, inspekteer en goedgekeur moet word.

27. Voorsiening en Onderhoud van Water Installasies

(1) ‘n Eienaar moet sy/haar water installasie op eie onkoste voorsien en onderhou en met uitsondering waar toegelaat ingevolge artikel 102, moet hy/sy verseker dat die installasie binne die grense van sy perseel geleë is.

(2) ‘n Eienaar moet ‘n isolasieklep op ‘n geskikte plek op die dienspyp onmiddellik binne die grens van die eiendom installeer in geval waar ‘n

meter buite die grens geleë is, en in die geval waar die meter op die perseel geleë is, by ‘n geskikte punt op sy dienspyp.

(3) Alvorens werk in verband met die onderhoud van ‘n gedeelte van sy/haar water installasie gedoen word, sal ‘n eienaar die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit of die eienaar van die grond waarop die gedeelte geleë is, soos die geval mag wees, verkry.

28. Tegniese Vereistes vir ‘n Water Installasie

Nieteenstaande die vereiste dat ‘n sertifikaat ingevolge artikel 25 uitgereik moet word, sal alle water installasies voldoen aan SANS 0252 Deel I en alle vaste elektriese opgaarwater badketels sal voldoen aan SANS 0254.

29. Gebruik van Goedgekeurde Pype en Water Koppelstukke

(1) Geen persoon sal, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Ingenieur, ‘n pyp of water koppelstuk in ‘n water installasie binne die regsgebied van die Munisipaliteit installeer of gebruik nie, tensy dit in ooreenstemming met munisipale standaarde en/of ‘n Skedule van Goedgekeurde Pype en Koppelings soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit saamgestel is.

(2) Aansoek vir die insluiting van ‘n pyp of waterkoppeling in die standaarde of Skedule in subartikel (1) na verwys, moet op die vorm deur die Munisipaliteit voorgeskryf, gemaak word.

(3) ‘n Pyp of waterkoppeling mag nie in die standaarde of Skedule in subartikel (1) na verwys, ingesluit word nie,

(1) tensy dit -

(a) die standaarde merk van die Suid–Afrikaanse Buro van Standaarde ten opsigte van die toepaslike SANS spesifikasie deur die Buro, vertoon nie.

(b) ‘n sertifiseringsmerk uitgereik deur SANS wat sertifiseer dat die pyp of water koppelstuk voldoen aan ‘n SANS Merk spesifikasie of ‘n voorwaardelike spesifikasie uitgereik deur die SANS, met dien verstande dat geen sertifiseringsmerk uitgereik sal word vir ‘n tydperk langer as twee jaar nie; of

(c) vir die Munisipaliteit aanvaarbaar is.

(4) Die Munisipaliteit mag, ten opsigte van enige pyp of waterkoppelstuk in die standaarde of Skedule ingesluit, sodanige bykomende voorwaardes instel as wat dit nodig ag, ten opsigte van gebruik of metode van installasie.

(5) ‘n Pyp of waterkoppelstuk sal van die standaarde of Skedule verwyder word indien dit –

(a) nie meer voldoen aan die kriteria waarop hul insluiting basseer was nie; of

(b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor hul gebruik oorspronklik aanvaar is nie.

(6) Die heersende standaard of Skedule sal by die kantoor van die Munisipaliteit te alle tye gedurende werksure, vir inspeksie beskikbaar wees.

(7) Die Munisipaliteit mag afskrifte van die heersende Skedule teen ‘n vasgestelde koste verkoop, sou dit beskikbaar wees.

30. Etiketering van Terminaal Water Koppelstukke en Toestelle

Alle terminaal waterkoppelstukke en toestelle wat water gebruik of uitlaat sal gemerk wees, of die volgende inligting in die verpakking ingesluit hê:

(a) die reikdruk in kPa waaroor die waterkoppelstuk of toestel aangewys is om te funksioneer;

(b) die vloei spoed in liter per minuut in verhouding tot die ontwerp reikdruk, op voorwaarde dat hierdie inligting vir ten minste die volgende verskillende druk gegee word: 20 kPa, 100 kPa en 400 kPa.

31. Water Vraag Bestuur

Waar nodig mag die Ingenieur daarop aandring dat water vraag bestuur maatreëls ingestel word;

(a) In enige water installasie waar die dinamiese water druk meer as 200 kPa by ‘n stort beheerklep is en waar die loodgietery ontwerp is om die water druk te balanseer op die warm en koue water toevoer aan die stort beheerklep, moet ‘n stortkop met ‘n maksimum vloeispoed groter as 10 liter per minuut, nie installeer word nie.

(b) Die maksimum vloeispoed vanaf enige kraan wat by ‘n hand wasbak installeer is, moenie 6 liter per minuut oorskry nie.

(c) Enige ander maatreëls wat nodig geag word vir water vraag bestuur.

DEEL 6: GEMEENSKAPLIKE WATERVOORSIENINGSDIENSTE

32. Voorsiening van Watertoevoer aan Verskeie Klante

(1) Die Ingenieur mag ‘n gemeenskaplike staanpyp vir die verskaffing van watervoorsieningsdienste aan verskeie klante by ‘n ligging wat as toepaslik beskou word voorsien, op voorwaarde dat ‘n meerderheid verbruikers wat, na die mening van die Ingenieur, ‘n wesentlike meerderheid verteenwoordig, en aan wie waterdienste verskaf sal word met die staanpyp, deur hom of die Munisipaliteit geraadpleeg is.

(2) Die Ingenieur mag gemeenskaplike watervoorsieningsdienste deur ‘n gemeenskaplike installasie, ontwerp om ‘n beheerde volume water aan verskeie klante te voorsien, verskaf.

DEEL 7: TYDELIKE WATERVOORSIENINGSDIENSTE

33. Water Voorsien vanaf ‘n Brandkraan

(1) Die Ingenieur mag goedkeuring verleen dat ‘n tydelike voorraad water vanaf een of meer brandkrane soos deur hom gespesifiseer, geneem word, onderhewig aan sodanige voorwaardes en vir enige tydperk deur hom voorgeskryf en die betaling van sodanige toepaslike kostes, insluitend ‘n deposito, soos deur die Munisipale Raad van tyd tot tyd bepaal.

(2) ‘n Persoon wat ‘n tydelike voorsiening van water verlang soos na verwys in subartikel (1), moet vir sodanige watervoorsieningsdiens aansoek doen ingevolge subartikel (2) en moet ‘n deposito betaal soos deur die Munisipale Raad van tyd tot tyd bepaal.

(3) Die Ingenieur moet ‘n draagbare watermeter en alle ander bybehore en apparaat wat nodig is vir die tydelike watertoevoer vanaf die staankraan, voorsien.

(4) Die draagbare meter en alle ander bybehore en apparaat wat vir die tydelike watertoevoer vanaf ‘n staankraan verskaf is, bly die eiendom van die Munisipaliteit en moet aan die Munisipaliteit teruggegee word by beëindiging van die tydelike toevoer. Versuim om die draagbare meter en alle ander bybehore en apparaat terug te besorg sal die instelling van boetes, soos deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd bepaal, tot gevolg hê.

DEEL 8: BOORGATE

34. Kennisgewing van Boorgate

(1) Geen persoon mag ‘n boorgat op enige eiendom binne die Munisipale Gebied van George sink, alvorens goedkeuring van die Departement van Waterwese en Bosbou nie vooraf verkry is nie.

(2) Geen persoon mag ‘n boorgat sink op ‘n perseel wat op ‘n dolomietgebied geleë is nie en alvorens ‘n boorgat gesink word moet ‘n persoon vasstel of die perseel waarop die boorgat beoog word, binne ‘n dolomietgebied geleë is.

(3) Die Munisipaliteit mag by publieke kennisgewing vereis -

(a) dat die eienaar van enige perseel binne enige gebied van die Munisipaliteit waarop ‘n boorgat bestaan of, indien die eienaar nie die okkupeerder van sodanige perseel is nie, die okkupeerder, om dit in kennis te stel oor die bestaan van ‘n boorgat op sodanige perseel en om dit met sodanige inligting te voorsien soos dit mag vereis; en

(b) dat die eienaar of okkupeerder van enige perseel wat van voorneme is om ‘n boorgat op sodanige perseel te sink, dit in kennis moet stel op die voorgeskrewe vorm oor sy/haar voorneme alvorens enige werk in hierdie verband ‘n aanvang neem.

(4) Die Munisipaliteit mag van die eienaar of okkupeerder van enige perseel, wat van voorneme is om ‘n boorgat te sink, vereis om ‘n omgewingsimpak studie van die voorgenome boorgat tot bevrediging van die Munisipaliteit te onderneem, alvorens dit gesink word.

(5) Die Munisipaliteit mag deur kennisgewing aan ‘n eienaar of okkupeerder, of deur publieke kennisgewing van ‘n eienaar of okkupeerder wat ‘n bestaande boorgat het wat vir watervoorsieningsdienste gebruik word, vereis om -

(a) goedkeuring van dit te verkry vir die gebruik van ‘n boorgat vir drinkbare watervoorsieningsdienste ooreenkomstig artikel 6,7 en 22 van die Wet; en

(b) voorwaardes in te stel ten opsigte van die gebruik van ‘n boorgat vir drinkbare waterdienste.

DEEL 9: BRANDWEERDIENSTE AANSLUITINGS

35. Aansluiting Goedgekeur deur Munisipaliteit

(1) Die Gemagtigde Agent sal geregtig wees om, in sy absolute diskresie, die toestaan of wyering van ‘n aansoek vir die aansluiting van ‘n brandweer installasie aan die Munisipaliteit se hooftoevoer, goed of af te keur.

(2) Geen water sal aan enige brandweer installasie voorsien word totdat ‘n sertifikaat, dat die Munisipaliteit se goedkeuring ingevolge artikel 25 verkry is en dat die installasie voldoen aan die vereistes van hierdie en enige ander verordening van die Munisipaliteit, voorgelê is nie.

(3) Indien in die opinie van die Gemagtigde Agent, ‘n brandweer installasie wat hy toegelaat het om aan die Munisipaliteit se hooftoevoer aangesluit te word, nie in goeie werkende orde gehou word nie, of andersins nie behoorlik onderhou word nie, of gebruik word vir doeleindes anders as brandbestryding, sal hy geregtig wees om te vereis dat die installasie óf van die hooftoevoer ontkoppel word óf self op onkoste van die klant, die ontkoppeling uitvoer.

36. Spesiale Bepalings

Die bepalings van SANS 0252-1 sal van toepassing wees op die toevoer van water vir brandweerdoeleindes.

37. Dubbele of Gesamentlike Installasies

Alle nuwe geboue wat na die aanvang van hierdie verordening opgerig word, moet aan die volgende voorwaardes in verhouding tot die voorsiening van brandbestrydingsdienste, voldoen:

(a) Indien aanjaaging van die stelsel vereis word, moet ‘n dubbelle pyp stelsel gebruik word, een vir brandbestrydingsdoeleindes en die ander vir algemene doeleindes.

(b) Gekombineerde installasies sal slegs toegelaat word waar geen aanjaagpomp aansluiting op die water installasie voorsien is nie. In sulke gevalle moet ‘n brandkraan deur die Munisipaliteit op die klant se onkoste, binne 90 meter van die eiendom voorsien word, ten einde ‘n bron van water vir die brandweerwa te voorsien, vir gebruik in die blus van die brand.

(c) Gekombineerde installasies, waar aanjaagpomp aansluitings voorsien word, sal slegs toegelaat word indien ontwerp en gesertifiseer deur ‘n professionele Ingenieur.

(d) Alle pype en bybehore moet in staat wees om druk wat 1800 kPa te bowe gaan, te hanteer, indien daardie druk verwag kan word gedurende aanjaging en dit moet in staat wees om hul ongeskondenheid te behou wanneer dit aan brand toestande blootgestel word.

38. Aansluitingspype vir Brand Bestrydingsdienste

(1) Na die inwerkingtreding van hierdie verordening, sal ‘n enkel aansluitingspyp vir beide brand (uitsluitend sprinkelblusser stelsels) en drinkbare water voorsieningsdienste deur die Ingenieur voorsien word.

(2) Die Ingenieur sal op onkoste van die eienaar ‘n gekombineerde meter op die aansluitingspyp waarna in subartikel (1) hierbo verwys, voorsien en installeer.

(3) ‘n Afsonderlike aansluitingspyp sal aangelê en gebruik word vir elke brand sprinkelblusser stelsel, tensy die Ingenieur sy goedkeuring tot die teendeel gee.

(4) ‘n Aansluitingspyp moet toegerus wees met ‘n metingstoestel wat nie die vloei van water belemmer terwyl die toestel in gebruik is nie.

39. Kleppe en Meters in Aansluitingspype

Elke aansluitingspyp aan ‘n brandbestrydingsinstallasie moet met kleppe en ‘n metingstoestel toegerus wees wat:

(a) deur die Ingenieur op onkoste van die klant voorsien is;

(b) tussen die klant se eiendom en die hooftoevoer installeer is; en

(c) in sodanige posisie installeer is soos wat die Ingenieur mag bepaal.

40. Meters in Brandbestryding Aansluitingspype

Die Ingenieur sal geregtig wees om ‘n water meter in enige aansluitingspyp wat uitsluitlik vir brandbestrydingsdoeleindes gebruik word, te installeer en die eienaar van die perseel sal vir alle sodanige koste aanspreeklik wees, indien die Munisipaliteit van mening is dat water uit die pyp onttrek is vir doeleindes anders as doeleindes om ‘n brand te blus.

41. Sprinkelblusser Installasie

‘n Sprinkel installasie mag direk aan die hooftoevoer gekoppel word, maar daar is geen verpligting op die Munisipaliteit om enige spesifieke druk op enige spesifieke stadium te waarborg nie.

42. Druktenk of Dubbele toevoer vanaf Hooftoevoer

(1) Die klant moet ‘n druktenk op so ‘n hoogte installeer sodat dit sal vergoed vir enige verlies of vermindering van druk in die Munisipaliteit se hooftoevoer vir die sprinkel installasie, tensy hierdie installasie voorsien word met ‘n duplikaat toevoer vanaf ‘n afsonderlike hooftoevoer.

(2) Die hoofpyp wat van die druktenk na die sprinkel installasie lei, mag in direkte kommunikasie met die hooftoevoer wees, met dien verstande dat die hoofleiding toegerus moet wees met ‘n terugslagklep wat, indien die druk in die hooftoevoer misluk of verminder, die voorsiening vanaf die hooftoevoer sal afsluit.

(3) Waar die sprinkel installasie voorsien is van ‘n duplikaat toevoer van ‘n afsonderlike hooftoevoer, moet elke toevoerpyp met ‘n terugslagklep wat op die perseel geleë is, toegerus wees.

43. Verseëling van Privaat Brandkrane

(1) Met uitsondering waar ‘n stelsel ‘n gesamentlike stelsel met ‘n gesamentlike meter is, moet alle privaat brandkrane en slangtolle verseël wees deur die Munisipaliteit en die seëls mag nie, met uitsondering vir die doel van die gebruik van die brandkraan of die brandslang in geval van ‘n brand, gebreek word deur enige ander persoon as die Munisipaliteit vir diens of toets doeleindes nie.

(2) Die klant moet die Munisipaliteit ten minste 48 uur kennis gee alvorens ‘n brandbestrydingsinstallasie gediens of getoets word.

(3) Die koste vir die herseël van brandkrane en slangtolle sal deur die klant gedra word met die uitsondering waar die seëls vir toetsdoeleindes deur die Munisipaliteit gebreek word.

(4) Enige water deur ‘n brand installasie of sprinkel stelsel verbruik sal deur die klant betaal word teen die kostes soos deur die Munisipaliteit bepaal.

DEEL 10: ALGEMENE BEPALINGS

44. Neem van Watermonsters

(1) Die Munisipaliteit mag watermonsters neem vanuit ‘n bron, goedgekeur ingevolge artikel 6 of 7 van die Wet, wat verskil van die water voorsiening stelsel vir huishoudelike doeleindes en reël dat dit getoets word vir voldoening aan enige nasionale standaarde voorgeskryf ingevolge artikel 9 van die Wet.

(2) Die voorgeskrewe koste vir die neem en toets van die monsters soos onder subartikel (1) na verwys, sal deur die persoon aan wie goedkeuring verleen is om die water vir drinkwater ingevolge artikel 6(1) van die Wet, te gebruik, betaal word.

45. Voorsiening van Nie-Drinkbare Water deur Munisipaliteit

(1) Die Munisipaliteit mag op aansoek ingevolge artikel (3), instem om nie-drinkbare water aan ‘n verbruiker te voorsien, onderhewig aan sodanige bepalings en voorwaardes soos wat die Munisipaliteit mag voorskryf.

(2) Enige voorsiening van water waartoe ooreengekom is ingevolge subartikel (1), mag nie vir huishoudelike of ander doeleindes, wat na die mening van die Munisipaliteit tot ‘n gesondheidsrisiko mag aanleiding gee, gebruik word nie.

(3) Geen waarborg, uitdruklik of stilswyend, sal van toepassing wees op die reinheid van enige nie-drinkbare water, deur die Munisipaliteit voorsien, of die geskiktheid daarvan vir die doel waarvoor die voorsiening goedgekeur is nie.

(4) Die voorsiening van nie-drinkbare water sal, tot beide toestand en gebruik, geheel en al die risiko van die verbruiker wees, wie verantwoordelik sal wees vir alle gevolglike skade of verlies tot homself, haarself of ander wat ‘n direkte of indirekte gevolg daarvan is, insluitend die *bona fide* fout van die Munisipaliteit of die foutwerking van ‘n behandelingsaanleg.

46. Pype in Strate of Openbare Plekke

Geen persoon sal vir die doel van die afvoer van water, ongeag die bron van oorsprong, ‘n pyp of geassosieerde komponent, op of onder ‘n straat, openbare plek of ander standplaas, besit deur of wat vestig in, of onder die beheer van enige munisipaliteit is, lê of bou nie.

47. Gebruik van Grys Water

Geen persoon sal grys water gebruik of toelaat dat dit gebruik word, buiten met die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie, en onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat dit mag voorskryf.

HOOFSTUK 5: VOORWAARDES VIR SANITASIE DIENSTE

DEEL 1: AANSLUITING AAN SANITASIE STELSEL

48. Verpligting tot Aansluiting aan Sanitasie Stelsel

(1) Alle persele waarop riool voortgebring word moet aan ‘n goedgekeurde sanitasie stelsel gekoppel wees. Alle persele moet aan die munisipale sanitasie stelsel gekoppel wees indien ‘n aansluitingspyp beskikbaar is of as dit redelik moontlik of koste effektief vir die Munisipaliteit is om ‘n aansluitingspyp te installeer, tensy goedkeuring vir die gebruik van op-perseel sanitasie dienste verkry is ooreenkomstig artikel 70 en 104.

(2) Die Munisipaliteit mag by kennisgewing, van die eienaar van ‘n perseel wat nie aan die munisipale sanitasie stelsel gekoppel is nie, vereis om by die sanitasie stelsel aan te sluit.

(3) ‘n Eienaar van eiendom, wat vereis word om daardie perseel aan die munisipale sanitasie stelsel aan te sluit ooreenkomstig subartikel (1), moet die Munisipaliteit skriftelik in kennis stel van enige ander sanitasie dienste, wat deur die Munisipaliteit op terrein voorsien word, wat nie verder benodig sal word as gevolg van die aansluiting by die sanitasie stelsel nie.

(4) Die eienaar sal aanspreeklik wees vir enige koste betaalbaar ten opsigte van sanitasie dienste op die perseel, totdat ‘n ooreenkoms vir die lewering van daardie dienste beëindig word, ooreenkomstig die munisipale Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

(5) Indien die eienaar versuim om die perseel by die sanitasie stelsel aan te sluit, nadat hy kennis gegee is ingevolge subartikel (2), mag die Munisipaliteit, nieteenstaande enige ander stappe wat dit mag doen kragtens hierdie verordening, ‘n boete hef, soos in die jaarlikse tarieflys deur die Raad vasgestel, op die eienaar soos deur die Munisipaliteit bepaal.

49. Voorsiening van Aansluitingsrioolpyp

(1) Indien ‘n ooreenkoms geteken is vir sanitasie dienste ten opsigte van ‘n perseel, ooreenkomstig die munisipale Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering en geen aansluiting rioolpyp bestaan ten opsigte van die perseel nie, sal die eienaar aansoek doen op die voorgeskrewe vorm en die tariewe en kostes betaal vir die installering van ‘n aansluitingsrioolpyp, soos deur die Munisipaliteit bepaal.

(2) Indien ‘n aansoek gedoen word vir sanitasie dienste, wat van so ‘n aard is of sodanig geleë is dat dit nodig is om die sanitasie stelsel te verleng, aan te pas of op te gradeer ten einde die sanitasie dienste aan die perseel te kan voorsien, mag die Munisipaliteit tot sodanige verlenging instem slegs nadat die eienaar vir die koste van die verlenging,

aanpassing of opgradering soos deur die Ingenieur bepaal, betaal het of onderneem het om daarvoor te betaal.

(3) Slegs die Ingenieur mag ‘n geinstalleerde aansluitingsrioolpyp installeer of goedkeur, maar die eienaar of klant moet die sanitasie installlasie aan die aansluitingspyp koppel.

(4) Geen persoon mag enige ontwikkeling op enige perseel begin, tensy die Ingenieur ‘n aansluitingsrioolpyp installeer het nie.

(5) By aansoek en ooreenkomstig sekere bepaalde voorwaardes, mag die Ingenieur goedkeur dat die aansoeker die diens installeer.

50. Plasing van Aansluitingsrioolpyp

(1) ‘n Aansluitingsrioolpyp wat deur die Ingenieur voorsien en installeer is, moet -

(a) in ‘n posisie deur die Ingenieur bepaal, geplaas word en van ‘n geskikte grootte wees soos deur die Ingenieur bepaal; en

(b) eindig by -

(i) die grens van die perseel; of

(ii) by die aansluitingspunt indien dit op die perseel geleë is.

(2) Die Ingenieur mag op versoek van die eienaar van ‘n perseel, onderhewig aan enige voorwaardes wat hy/sy mag oplê, ‘n aansluiting aan ‘n aansluitingsrioolpyp anders as die een wat geredelik beskikbaar is vir die voorsiening van sanitasie dienste aan die perseel, goedkeur; in welke geval die eienaar verantwoordelik sal wees vir enige verlenging van die dreinering installasie tot by die aansluitingspunt deur die Munisipaliteit aangewys en vir die verkryging, op sy eie koste, enige serwituut wat oor ‘n ander perseel mag nodig wees. Sou meer as een erf aan ‘n lyn aansluit en ‘n diens deel, moet ‘n diensooreenkoms tussen die onderskeie eienaars betreffende die onderhoud en opgradering van die gedeelde diens, opgestel word.

(3) Waar ‘n eienaar vereis word om ‘n rioolhystoestel te verskaf soos voorsien ingevolge die Bouregulasies, of die perseel is op ‘n vlak waar die dreinering installasie nie in die rioolpyp deur swaartekrag kan uitvloei nie, sal die tempo en tyd van uitlating in die rioolpyp onderhewig wees aan die goedkeuring van die Munisipaliteit .

(4) Die eienaar van ‘n perseel moet die aansluitingskostes en tariewe, soos deur die Munisipaliteit bepaal, betaal alvorens ‘n koppeling aan die aansluitingsrioolpyp gedoen word.

51. Voorsiening van Een Aansluitingsrioolpyp vir Verskeie Verbruikers op Dieselfde Perseel

(1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 50, mag slegs een aansluitingsrioolpyp tot die sanitasie stelsel vir die afvoer van riool van

die perseel voorsien word, ongeag van die aantal wooneenhede van verbruikers geleë op die perseel.

(2) Nieteenstaande subartikel (1), mag die Munisipaliteit goedkeuring verleen dat meer as een aansluitingsrioolpyp in die sanitasie stelsel voorsien word vir die afvoer van riool vanaf enige perseel wat uit deeltitel eenhede bestaan of, na die mening van die Munisipaliteit, onredelike ongerief of ongemak sal veroorsaak aan enige verbruiker op sodanige perseel deur die voorsiening van slegs een aansluitingsrioolpyp.

(3) Waar die voorsiening van meer as een aansluitingsrioolpyp deur die Munisipaliteit onder subartikel (2) goedgekeur word, is die tariewe en kostes vir die voorsiening van ‘n aansluitingsrioolpyp ten opsigte van elke riool aansluiting op hierdie wyse voorsien, betaalbaar.

52. Interaansluiting tussen Persele

‘n Eienaar van ‘n perseel moet seker maak, tensy hy reeds die vooraf goedkeuring van die Munisipaliteit verkry het en voldoen aan enige voorwaardes wat dit opgelê het, dat geen interaansluiting tussen die dreinering installasie op sy perseel en die dreinering installasie op enige ander perseel, bestaan nie. Dit sal vereis word dat ‘n regsooreenkoms opgestel word deur die perseel eienaars van die gedeelde dienste, wat die gesamentlike verantwoordelikheid vir die onderhoud of moontlike opgradering van die gedeelde diens, duidelik uitspel.

53. Ontkoppeling van Aansluitingsriool

Die Ingenieur mag ‘n dreinering installasie van die aansluitingpyp ontkoppel en die aansluitingspyp, met die beëndiging van ‘n ooreenkoms vir die voorsiening van riool voorsieningsdienste ooreenkomstig die munisipale verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering, verwyder.

DEEL 2: STANDAARDE

54. Standaarde vir Sanitasie Dienste

Sanitasie dienste wat deur die Munisipaliteit voorsien is, moet voldoen aan die minimum standaarde wat vir die voorsiening van sanitasie dienste ingevolge artikel 9 van die Wet, bepaal is.

DEEL 3: METODES VIR VASSTELLING VAN KOSTES

55. Meting van Hoeveelheid Huishoudelike Afvalwater Uitgelaat

(1) Met ingang vanaf 1 Julie 2003 sal die kwaliteit van huishoudelike afvalwater afgevoer, bepaal word as ‘n persentasie van die water deur die Munisipaliteit voorsien; met dien verstande dat, waar die Munisipaliteit van mening is dat sodanige persentasie ten opsigte van spesifieke persele buitensporig is, met inagneming van die doel waarvoor water op die perseel verbruik word, mag die Munisipaliteit die toepaslike persentasie verminder na

‘n syfer wat, in sy opinie en in die lig van die beskikbare inligting, die verhouding tussen die waarskynlike hoeveelheid riool vanaf die perseel afgevoer en die hoeveelheid water voorsien, weerspieël.

(2) Waar ‘n perseel voorsien word van water, van ‘n bron anders as, of bykomend tot, die Munisipaliteit se water voorsiening stelsel, insluitend onttrekking uit ‘n rivier of boorgat, moet die hoeveelheid ‘n persentasie wees van die totale water verbruik op daardie perseel, wat redelikerwys deur die Munisipaliteit geskat is.

56. Meting van Hoeveelheid en Bepaling van Kwaliteit van Nywerheidsafvalwater Afgevoer

(1) Die hoeveelheid nywerheidsafvalwater afgevoer in die sanitasie stelsel, moet bepaal word -

(a) waar ‘n metingstoestel installeer is, deur die hoeveelheid nywerheidsafvalwater afgevoer vanaf die perseel soos gemeet deur daardie metingstoestel; of

(b) totdat ‘n metingstoestel installeer word, deur ‘n persentasie soos voorgeskryf in Skedule B, van die water deur die Munisipaliteit voorsien aan daardie perseel.

(2) Die Munisipaliteit mag van die eienaar van enige perseel vereis om in te lyf by enige dreinering installasie wat nywerheidsafvalwater afvoer na ‘n rioolpyp, enige beheermeter of meetapparaat of ander toestel van ‘n goedgekeurde tipe en onder die beheer van die Munisipaliteit, vir die doel van vasstelling tot bevrediging van die Munisipaliteit, die tempo,volume en samestelling van die uitvloei.

(3) Die Munisipaliteit mag enige meter, meetapparaat of toestel waarna in subartikel (2) verwys, installeer en onderhou op koste van die eienaar van die perseel waarop dit installeer is.

(4) Waar ‘n perseel van water voorsien word vanuit ‘n bron anders as, of bykomend tot, die Munisipaliteit se water toevoer stelsel, insluitend onttrekking vanuit ‘n rivier of boorgat, sal die hoeveelheid ‘n persentasie wees van die totale water verbruik van daardie perseel,redelikerwys deur die Munisipaliteit geskat.

(5) Waar ‘n gedeelte van die water voorsien aan die perseel deel vorm van die eindproduk van enige vervaardigingsproses, of verloor word as gevolg van reaksie of verdamping gedurende die vervaardigingsproses, of vir enige ander rede, mag die Munisipaliteit op aansoek deur die eienaar, die getakseerde hoeveelheid nywerheidsafvalwater verminder.

(6) Die Munisipaliteit mag na goeddunke, ‘n ooreenkoms met enige persoon aangaan wat nywerheidsafvalwater laat uitvloei na die sanitasie stelsel, wat ‘n alternatiewe metode van taksering, van die hoeveelheid en tempo van afvalwater afgevoer, sal vestig.

(7) Kostes wat verband hou met die kwaliteit van nywerheidsafvalwater, sal basseer word op die formule vir nywerheidsafvalwater uitvloei, soos voorgeskryf onder Skedule C.

(8) Die volgende voorwaardes sal van toepassing wees ten opsigte van die taksering van die kwaliteit van nywerheidsafvalwater wat afgevoer word:

(a) elke klant moet die voorgeskrewe toetse uitvoer, volgens ‘n gereelde skedule soos voor voorsiening gemaak in die nywerheidsafvalwater uitvloei goedkeuring, en die resultate aan die Munisipaliteit rapporteer soos bepaal in die permit deur die Munisipaliteit uitgereik.

(b) die Munisipaliteit mag onreëlmatige voldoeningstoetse uitvoer om dit met dié onder subsubartikel (a) genoem, te korreleer en, indien teenstrydighede gevind word, sal die waardes van die Munisipaliteit, met uitsondering vir die doel van kriminele gedinge, aanvaar word as korrek te wees en verdere toetse mag deur die Munisipaliteit vereis word, op onkoste van die klant, om die waarde van die formule te bepaal.

(c) die gemiddelde van die waardes van die verskillende ontledingsresultate van 24 uurlikse samestelling, of kitsmonsters van die afvalwater, geneem gedurende die tydperk van ondersoek, sal gebruik word om die kwaliteit kostes betaalbaar, te bepaal.

(d) in die afwesigheid van ‘n volledige daaglikse stel 24 uurlikse saamgestelde of kits monsters, sal die gemiddelde van nie minder nie as twee waardes van die getoetste afvalwater, gedurende die tydperk van ondersoek geneem, gebruik word om die kostes betaalbaar, te bepaal.

(e) ten einde die sterkte (Chemiese suurstof vereiste, swewende vastestof konsentrasie, Ammoniak kosentrasie, en orthofosfaat konsentrasie) in die afvalwater asook die konsentrasie van groep 1 en 2 metale, pH waarde en geleidingsvermoë, te bepaal, sal die Munisipaliteit die toetse gebruik wat normaalweg deur munisipaliteite gebruik word vir hierdie onderskeie doeleindes. Besonderhede van die toepaslike toets mag van die Munisipaliteit of die SANS verkry word. Toetsresultate van ‘n laboratorium wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, sal voorkeur geniet oor die van die Munisipaliteit.

(f) die formule word bereken op die basis van die onderskeie ontledingsresultate van indiwiduele kits- of saamgestelde monsters en die tydperk van behandeling vir berekening sal nie minder wees as een volle 24 uur tydperk nie; tensy bewyse aan die Munisipaliteit voorgelê word dat ‘n verkorte tydperk eintlik van toepassing is.

(g) die bepalings van die belemmeringsformule, mag nie ‘n negatiewe waarde aanneem nie;

(h) die totale stelsel waardes vir kwaliteit kostes sal konstant bly vir ‘n aanvanklike tydperk van een maand, maar in ieder geval nie langer as twaalf maande nie, vanaf datum van aanvang van

hierdie kostes. Na afloop van daardie tyd, mag dit van tyd tot tyd gewysig of hersien word afhangende van sodanige veranderinge in die ontledingsresultate of verdere monsters, soos van tyd tot tyd bepaal mag word: met dien verstande dat die Munisipaliteit na sy goeddunke in enige besondere geval, die minimum kostes voorgeskryf onder subartikel (7) of (8)(l) mag hef sonder om enige monsters te neem.

(i) wanneer ookal die Munisipaliteit ‘n monster neem, moet een helfte daarvan, op versoek, aan die klant beskikbaar gestel word.

(j) vir die doel van berekening van die hoeveelheid afvalwater afgevoer van elke punt van uitvloei van afvalwater, sal die totale hoeveelheid water verbruik op die perseel by die verskeie punte van uitvloei, so redelik akkuraat as moontlik toegewys word.

(k) die kostes van afvoer en behandeling van nywerheidsafvalwater, sal deur die Munisipaliteit bepaal word en sal van toepassing wees vanaf ‘n datum deur die Munisipaliteit bepaal; en

(l) na die goeddunke van die Munisipaliteit, mag die kostes vir nywerheidsafvalwater verander word na ‘n vaste maandelikse koste, en word dit bepaal deur die afvalwater sterkte, volume en die ekonomiese haalbaarheid van mikro en klein nywerhede, in ag te neem.

(m) alle uitvloei punte vanaf ‘n enkele perseel moet aan die Munisipaliteit openbaar gemaak word.

57. Vermindering in die Gemete Hoeveelheid Afvalwater Afgevoer

(1) ‘n Persoon sal geregtig wees op ‘n vermindering in die hoeveelheid afvalwater afgevoer, soos bepaal ingevolge artikel 55 en 56, waar die hoeveelheid water, waarop ‘n persentasie bereken is, gemeet is gedurende ‘n tydperk waar water vermors was of ‘n lekkasie onopgemerk plaasgevind het, indien die verbruiker tot bevrediging van die Munisipaliteit kan bewys dat die water nie na die sanitasie stelsel of enige ander munisipale stelsel, afgevoer is nie.

(2) Die vermindering in die hoeveelheid sal gebasseer word op die hoeveelheid water verloor deur lekkasie of vermorsing gedurende die lekkasie tydperk.

(3) Die lekkasie tydperk sal of die metingstydperk onmiddellik voor die hersteldatum van die lekkasie wees, of die metingstydperk waartydens die lekkasie herstel is, na gelang van wat die grootste vermindering in die hoeveelheid tot gevolg het.

(4) Die hoeveelheid water verloor sal bereken word as die verbruik vir die lekkasie tydperk min die gemiddelde verbruik, gebasseer op die afgelope 3 (drie) maande, vir dieselfde tydsduur. Ingeval daar geen vorige geskiedenis van verbruik beskikbaar is nie, sal die gemiddelde water verbruik deur die Munisipaliteit bereken word, nadat alle inligting wat dit as toepaslik beskou, in ag geneem is.

(5) Daar sal geen vermindering in die hoeveelheid wees, indien ‘n verlies van water, direk of indirek, die gevolg was van ‘n verbruiker se versuim om aan hierdie of ander verordeninge te voldoen nie.

58. Kostes ten opsigte van Op-Perseel Sanitasie Dienste

Kostes betaalbaar deur die eienaar ten opsigte van die verwydering of afhaal van die inhoud van ‘n septiese tenk, nagvuil of die leegmaak van putte sal al die bedryfs- en onderhoudskoste voortspruitend uit die verwydering van die put inhoud, die vervoer daarvan na ‘n beskikkingsterrein, die behandeling van die inhoud om ‘n sanitêre toestand asook die finale beskikking oor enige vaste reste insluit, en is betaalbaar deur die eienaar ooreenkomstig die jaarlikse tarieflys.

DEEL 4: DREINERING INSTALLASIES

59. Installering van Dreinering Installasies

‘n Eienaar moet sy dreinering installasie op eie onkoste voorsien en onderhou, tensy die installasie ‘n basiese sanitasie fasiliteit uitmaak soos deur die Munisipaliteit bepaal, en tensy waar andersins deur die Munisipaliteit goedgekeur, moet hy verseker dat die installasie binne die grense van sy perseel geleë is.

(1) Die Munisipaliteit mag die punt in die rioolpyp voorskryf, en die diepte onder die grond, waarby enige dreinering installasie aangesluit moet word en die roete wat deur die drein gevolg moet word tot by die aansluitingspunt en mag van die eienaar verwag om nie ‘n aanvang met die konstruksie of aansluiting te maak totdat die Munisipaliteit se aansluitingsrioolpyp aangelê is nie.

(2) Enige dreinering installasie wat opgerig of installeer is moet voldoen aan enige toepaslike spesifikasies ingevolge die Bou Regulasies en enige standaard deur die Wet voorgeskryf.

(3) Geen persoon sal die binnekoms van enige vloeibare of vaste stowwe hoegenaamd, anders as skoon water vir toets doeleindes, toelaat om die dreinering installasie binne te gaan alvorens die dreinering installasie aan die rioolpyp aangesluit is nie.

(4) Waar ‘n perseel binne die 1 in 50 jaar vloedvlakte geleë is, moet die boonste vlak van alle diens toegangsgate, inspeksiekamers en slootjies bo die 1 in 100 jaar vloedvlak en 100% waterdig wees, om invloei of uitvloei wat besoedeling van die omgewing kan veroorsaak, te voorkom.

(5) Na die voltooiing van enige dreinering installasie, of na enige aanbouings aan enige dreinering installasie voltooi is, moet die loodgieter wat vir die uitvoering van die werk verantwoordelik is, ‘n sertifikaat wat sertifiseer dat die werk volgens die standaarde in die Bou Regulasies, hierdie verordening en enige toepaslike Wet of verordening voltooi is, by die Bou-inspeksie Afdeling van die Munisipaliteit indien.

(6) Geen reënwater of stormwater en geen afvalwater, anders as afvalwater wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, mag in die dreinering stelsel vrygestel word nie.

60. Ontkoppeling van Dreinering Installasies

(1) Met uitsondering van die doel om onderhoud of herstelwerk uit te voer, mag geen dreinering installasie van die aansluitingspunt ontkoppel word nie.

(2) Waar enige deel van ‘n dreinering installasie ontkoppel is van die oorblywende deel omdat dit in onbruik geraak het, moet die deel wat ontkoppel is vernietig of geheel en al van die perseel waarop dit gebruik is,verwyder word, tensy die Munisipaliteit anders besluit.

(3) Wanneer ‘n ontkoppeling gemaak is nadat al die vereistes van die Bou Regulasies ten opsigte van ontkoppelings nagekom is, moet die Ingenieur op versoek van die eienaar, ‘n sertifikaat uitreik wat bevestig dat die ontkoppeling ingevolge die bepalings van die Bou Regulasies gedoen is en dat enige kostes gehef ten opsigte van die ontkoppelde deel van die dreinering installasie, beëindig sal word met ingang van die einde van die maand wat die eerste van die maand wat volg op die uitreiking van sodanige sertifikaat voorafgaan.

(4) Wanneer ‘n dreinering installasie ontkoppel word van ‘n rioolpyp, moet die Ingenieur die opening wat deur die ontkoppeling veroorsaak is, verseël en mag hy sodanige koste van die eienaar van die perseel waarop die installasie ontkoppel word, verhaal.

(5) Waar ‘n dreinering stelsel aangesluit of ontkoppel word van die rioolpyp stelsel gedurende ‘n maand, sal kostes bereken word asof die aansluiting en die ontkoppeling gemaak is op die eerste dag van die maand, wat volg op die maand waarin die aansluiting of ontkoppeling plaasgevind het.

61. Onderhoud van Dreinering Installasies

(1) ‘n Eienaar moet sy dreinering stelsel op eie onkoste voorsien en onderhou.

(2) Waar enige deel van ‘n dreinering installasie deur twee of meer eienaars of bewoners gebruik word, sal hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die onderhoud van die installasie en moet ‘n geskrewe ooreenkoms tot dien effekte opgestel word.

(3) Die eienaar van enige perseel moet verseker dat alle mangate en reinigingsopeninge op die perseel permanent sigbaar en toeganklik is.

62. Tegniese Vereistes vir Dreinering Installasies

Alle dreinering installasies sal voldoen aan die SANS Kode 0252 en die Bou Regulasies en enige munisipale standaarde waar van toepassing.

63. Dreins

(1) Dreins wat deur die grond loop, wat na die mening van die Ingenieur onderhewig is aan beweging, sal op ‘n aaneenlopende bed van

riviersand of materiaal met soortgelyke grein gelê word, nie minder nie as 100 mm dik onder die loop van die pyp en met ‘n omranding van soortgelyke materiaal en dikte en die laste van sodanige dreins moet buigsame laste en deur die Ingenieur goedgekeur wees.

(2) ‘n Drein of deel daarvan mag slegs in, deur of onderdeur ‘n gebou gaan, met die skriftelike goedkeuring van die Ingenieur ooreenkomstig die voorwaardes soos deur die Ingenieur bepaal.

(3) ‘n Drein of deel daarvan wat in ‘n ontoeganklike posisie onder ‘n gebou gelê is, mag nie buig of teen ‘n helling gelê word nie.

(4) Indien ‘n drein deur of onderdeur ‘n muur, fondament of ander struktuur gaan, sal voldoende maatreëls getref word om die uitvloei van enige stof na die drein te voorkom.

64. Rioolpyp Blokkasies

(1) Geen persoon mag ‘n versameling van ghries, olie, vet, vaste materie of enige ander stof in ‘n vangput, tenk of sluitstuk wat die blokkasie of oneffektiewe funksionering daarvan veroorsaak, veroorsaak of toelaat nie.

(2) Wanneer die eienaar of okkupeerder van ‘n perseel rede het om te glo dat ‘n blokkasie in enige dreinering installasie plaasgevind het, moet hy onmiddellik stappe doen om dit te laat skoonmaak.

(3) Wanneer die eienaar of okkupeerder van ‘n perseel rede het om te glo dat ‘n blokkasie plaasgevind het, sal hy onmiddellik die Munisipaliteit in kennis stel.

(4) Waar ‘n blokkasie in ‘n dreinering installasie ontstaan, moet enige nodige werk vir die verwydering daarvan deur, of onder toesig van ‘n loodgieter gedoen word.

(5) Sou enige dreinering installasie op enige perseel oorloop as gevolg van ‘n blokkasie in die rioolpyp, en indien die Munisipaliteit redelik tevrede is dat die blokkasie veroorsaak is deur voorwerpe wat vanaf die dreinerings installasie afkomstig is, sal die eienaar van die perseel wat deur die dreinering stelsel bedien word, aanspreeklik gehou word vir die koste van die verwydering van die blokkasie

(6) Waar ‘n blokkasie van ‘n drein of deel van ‘n drein verwyder is wat twee of meer persele bedien, sal die eienaars afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik wees vir die koste om die blokkasie te verwyder.

(7) Waar ‘n blokkasie in ‘n sanitasie stelsel deur die Ingenieur verwyder is, en die verwydering die versteuring van die eienaar se plaveisel, grasperk of ander nagemaakte oppervlakte genoodsaak het, sal nog die Ingenieur nog die Munisipaliteit verplig wees om dit tot die vorige toestand te herstel en sal hulle ook nie aanspreeklik wees vir enige skade daaraan nie, tensy deur ‘n foutiewe aksie of nalatigheid van die Ingenieur.

65. Ghries Vangput

(1) ‘n Ghries vangput van ‘n goedgekeurde tipe, grootte en kapasiteit moet ten opsigte van alle persele voorsien word, insluitend maar nie beperk nie tot (huishoudings, voedsel persele, motorwasserye, winkelsentrums,

tekstiel fabrieke, ens.) wat riool afvoer na op-perseel sanitasie stelsels, of waar, na die mening van die Munisipaliteit, die afvoer van ghries, olie en vet moontlik ‘n obstruksie aan die vloei in die munisipale of ander riole of dreins, of die behoorlike werking van enige afvalwater behandelingsaanleg, gaan veroorsaak.

(2) Die bepalings soos beskryf onder artikel 66 is ook van toepassing op alle persele wat afvalwater afvoer wat ghries, olie, vet en seep bevat.

(3) Ghries, olie, vet en ander anorganiese materiaal wat van die ghries vangput verwyder word, moet mee weggedoen word na ‘n geskikte afval beskikkingsterrein, soos deur die Munisipaliteit goedgekeur en mag onder geen omstandighede na die riool of stormwater stelsel in die munisipale gebied teruggevoer word nie.

66. Nywerheidsghries Vangput

(1) Die eienaar of vervaardiger moet verseker dat nywerheidsafval wat, of wat na die mening van die Munisipaliteit, moontlik ghries, olie, vet of anorganiese vastestowwe in suspensie bevat, alvorens dit toegelaat word om die riool binne te gaan, deur een of meer tenke of kamers van ‘n tipe, grootte of kapasiteit sal passeer, wat ontwerp is om sodanige ghries, olie, vet of vastestowwe te onderskep en terug te hou en deur die Ingenieur goedgekeur is.

(2) Die eienaar of vervaardiger moet verseker dat olie, ghries of enige ander stof wat in nywerheidsafval of ander vloeistof voorkom en wat ‘n vlambare of skadelike gas afgee teen ‘n temperatuur van 20º C of hoër, in ‘n tenk of kamer onderskep en teruggehou word, ten einde die ingang daarvan in die rioolpyp te voorkom.

(3) ‘n Tenk of kamer soos in subartikel (2) na verwys, moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) dit sal van voldoende grootte, vervaardig van harde duursame materiaal en waterdig wees wanneer voltooi;

(b) die waterseël van die uitvloeipyp daarvan sal nie minder as 300mm in diepte wees nie;

(c) sal met ‘n genoegsame aantal mangat deksels toegerus wees vir die voldoende en effektiewe verwydering van ghries, olie, vet en vastestof.

(4) Enige persoon wat afvalwater na ‘n tenk of kamer afvoer, moet gereeld ghries,olie,vet of vastestof vanuit die tenk of kamer verwyder en moet ‘n register byhou vir die aantekening van -

(a) die datums waarop die tenk of kamer skoongemaak is;

(b) die name van die persone wat die tenk of kamers skoongemaak het;

(c) ‘n sertifikaat van die persoon wat aangestel is om dit skoon te maak, wat sertifiseer dat die tenk of kamer skoongemaak is en waarin die wyse waarop die inhoud van die tenk of kamer weggedoen is, verklaar word, of indien hy dit persoonlik skoongemaak het, sy eie sertifikaat tot dien effekte.

67. Meganiese Toestelle vir die Verwydering van Riool

(1) Die eienaar van enige perseel moet die toestemming van die Ingenieur verkry alvorens enige meganiese toestel, vir die verwydering of oorplasing van riool ingevolge die Bou Regulasies, installeer word.

(2) Goedkeuring moet voor aansoek gedoen word deur ‘n professionele Ingenieur, vergesel van tekeninge wat ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Bou Regulasies voorberei is en moet besonderhede wys van die kompartement wat die toestel bevat, die riool opgaartenk, die stilkamer en hul posisie en die posisie van die dreine, ventilasie pype, stygleiding en die riool aansluiting.

(3) Nieteenstaande enige goedkeuring ingevolge subartikel (1) gegee, sal die Munisipaliteit nie aanspreeklik wees vir enige besering, verlies of skade aan lewe of eiendom wat veroorsaak is deur die gebruik, foutiewe werking of enige ander toestand wat voortspruit uit die installering of funksionering van ‘n meganiese toestel vir die verwydering of oorplasing van riool, tensy die besering of skade veroorsaak is deur die skadelike voorneme of nalatige handeling of nalatigheid van ‘n werknemer van die Munisipaliteit.

(4) Elke meganiese toestel geinstalleer vir die verwydering of oorplasing van riool, sal spesifiek ontwerp word vir die doel en sal toegerus wees met ‘n afvoerpyp, sluisafsluiters en terugslagkleppe in goedgekeurde posisies geplaas.

(5) Tensy die Ingenieur anders toelaat, sal sodanige meganiese toestelle in duplikaat installeer word en elke sodanige toestel sal so beheer word dat ieder een onmiddellik sal begin funksioneer indien die ander onklaar sou raak.

(6) Elke meganiese toestel wat deel vorm van ‘n dreinering installasie sal so geplaas word en funksioneer dat dit nie enige oorlas deur geraas, reuk of of andersins veroorsaak nie en elke kompartement wat enige sodanige toestel bevat moet effektief geventileer wees.

(7) Die maksimum afvoer tempo vanaf enige meganiese toestel en die tye waartussen die afvoer mag plaasvind, sal deur die Ingenieur bepaal word, wie te enige tyd van die eienaar sodanige bybehore en reguleringstoerusting mag vereis soos wat na sy mening nodig is om te verseker dat die bepaalde maksimum afvoer tempo nie oorskry word nie.

(8) Met uitsondering waar riool opgaarruimte ingesluit is as ‘n integrale deel van ‘n meganiese toestel, moet ‘n riool opgaartenk voorsien word tesame met sodanige toestel.

(9) Elke riool opgaartenk wat ingevolge artikel (a) vereis word, moet -

(a) gebou word van harde, duursame materiaal en moet waterdig wees en die binne oppervlakte van die mure en vloer moet glad en ondeurdringbaar wees.

(b) ‘n nood stoorkapasiteit onder die vlak van die inlaat hê, gelyk aan die hoeveelheid riool daarin afgevoer in ‘n 24 uur tydperk of 900 liter, wat ookal die grootste is: en

(c) so ontwerp wees dat die maksimum riool inhoud leeggemaak word met elke afvoer siklus van die meganiese toestel.

(10) Elke opgaartenk en stilkamer sal voorsien wees van ‘n ventilasiepyp ooreenkomstig die Ingenieur se spesifikasies.

DEEL 5: OP-PERSEEL SANITASIE DIENSTE EN GEASSOSIEERDE DIENSTE

68. Installasie van Op-perseel Sanitasie Dienste

Indien ‘n ooreenkoms vir op-perseel sanitasie dienste ten opsigte van ‘n perseel beëindig is, of indien dit nie redelik moontlik of koste effektief vir die Munisipaliteit is om ‘n aansluitingsriool te installeer nie, moet die eienaar sanitasie dienste soos deur die Munisipaliteit gespesifiseer, op die perseel installeer, tensy die diens ‘n gesubsidieerde diens wat deur die Munisipaliteit bepaal is, ooreenkomstig die munisipale Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

69. Geventileerde Verbeterde Putlatrines

(1) Die Munisipaliteit mag, op sodanige voorwaardes as dit mag voorskryf, met inagneming van die aard en deurdringbaarheid van die grond, die diepte van die watertafel, die grootte en toeganklikheid van die perseel en die beskikbaarheid van ‘n gepypte watervoorraad, die wegdoening van menslike ontlasting deur middel van ‘n geventileerde verbeterde put(VIP)latrine, goedkeur.

(2) ‘n Geventileerde verbeterde putlatrine moet toegerus wees met:

(a) ‘n put van 2m³ kapasiteit

(b) ‘n voering soos vereis;

(c) ‘n blad wat ontwerp is om die opgelegde lading te ondersteun;

(d) beskerming wat verhoed dat kinders in die put val;

(3) ‘n Geventileerde verbeterde putlatrine moet aan die volgende spesifikasies voldoen:

(a) die put moet geventileer wees deur middel van ‘n pyp, verseël op die bopunt met duursame insek bestande afskerming, wat stewig vasgemaak is;

(b) die ventilasiepyp moet nie minder nie as 0.5m bo die naaste dak uitsteek, moet minstens 150mm in deursnee wees en moet vertikaal installeer wees met geen buiging daarin nie;

(c) die binnekant van die gemakhuisie moet glad afgewerk wees sodat dit in ‘n skoon en higïeniese toestand gehou kan word. Die bobou moet goed geventileer wees ten einde die vry vloei van lug na die put en deur die pyp te ventileer;

(d) die opening deur die blad moet van ‘n voldoende grootte wees ten einde besoedeling te voorkom. Die rand moet verhewe wees sodat vloeistowwe wat vir die was van die vloer gebruik word nie in die put invloei nie. Dit sal toegerus wees met ‘n deksel om die ingang en uitgang van vlieë en ander insekte wanneer die toilet in gebruik is, te voorkom;

(e) dit moet in ‘n posisie geplaas word wat onafhanklik van die woonhuis is;

(f) dit moet in posisies geplaas word wat toeganklik is vir padvervoer met ‘n wydte van 3.0m ten einde die leegmaak van die put te vergemaklik.

(g) in situasies waar daar ‘n gevaar van besoedeling van die grondwater is as gevolg van die deurdringbaarheid van die grond, moet die put gevoer word met ‘n ondeurdringbare materiaal wat duursaam is en wat nie onder druk sal kraak nie; en

(h) in situasies waar die grond waarin die put gegrawe moet word, onstabiel is, moet geskikte ondersteuning gegee word om die instorting van die grond te voorkom.

(4) Enige ander alternatiewe stelsel moet deur ‘n professionele ingenieur ontwerp word en voor installasie deur die Ingenieur goedgekeur word.

70. Septiese Tenke en Behandelingsaanlegte

(1) Die Munisipaliteit mag, op sodanige voorwaardes as wat dit mag voorskryf, die wegdoening van riool of ander afvalwater deur middel van septiese tenke of ander op-perseel riool behandelingsaanlegte goedkeur.

(2) ‘n Septiese tenk of ander riool behandelingsaanleg op ‘n perseel mag nie nader as 3 meter aan enige wooneenheid of aan enige grens van die perseel waarop dit geleë is, wees nie.

(3) Afvalwater van ‘n septiese tenk of ander op-perseel riool behandelingsaanleg, moet tot bevrediging van die Munisipaliteit, mee weggedoen word.

(4) ‘n Septiese tenk moet waterdig wees, veilig bedek en voorsien wees van ‘n gasdigte toegang na die binnekant, voldoende om die inlaat- en uitlaatpype te inspekteer en voldoende vir die doeleinde om slyk te verwyder.

(5) ‘n Septiese tenk wat ‘n wooneenheid bedien moet -

(a) ‘n kapasiteit onder die vlak van die omgekeerde boog van die uitlaatpyp van nie minder nie as 500 liter per slaapkamer hê, onderhewig aan ‘n minimum kapasiteit onder die vlak van so ‘n omgekeerde boog van 2500 liter;

(b) ‘n binne wydte hê van nie minder nie as 1 meter gemeet teen reghoeke tot die rigting van die vloei;

(c) ‘n binne diepte tussen die deksel en die bodem van die tenk van nie minder nie as 1,7 meter hê;

(d) vloeistof behou tot ‘n diepte van nie minder nie as 1,4 meter;

(6) Septiese tenks wat persele buiten wooneenhede bedien, moet deur ‘n professionele ingenieur ontwerp en gesertifiseer word;

(7) Geen reënwater, stormwater of afvalwater buiten dit wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, mag in ‘n septiese tenk uitgelaat word nie.

71. Stapelriool

(1) Die Munisipaliteit mag, op sodanige voorwaardes as wat dit mag voorskryf, met inagneming van die hoeveelheid en die aard van die afvalwater, en die aard van die grond soos bepaal deur die digtheidstoets voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde, die wegdoening van afvalwater of ander afvalwater deur middel van stapelriole, dreineringputte of ander goedgekeurde werke, goedkeur.

(2) ‘n Stapelriool, dreineringsput of ander soortgelyke werke sal nie nader as 5 m aan enige wooneenheid of enige grens van enige perseel waarop dit geleë is, wees nie, nog in enige sodanige posisie wat, na die mening van die Munisipaliteit, besoedeling aan enige boorgat of ander waterbron sal veroorsaak wat, of wat moontlik, vir drink doeleindes gebruik word of klamheid in enige gebou veroorsaak nie.

(3) Die afmetings van enige stapelriool, dreineringsput of ander soortgelyke werke, sal bepaal word in verhouding tot die absorberende kwaliteit van die grond en die aard en die kwaliteit van die afvalwater.

(4) Stapelriole wat persele bedien buiten ‘n woonhuis, moet deur ‘n professionele ingenieur ontwerp en gesertifiseer word.

72. Opgaartenke

(1) Die Munisipaliteit mag, op sodanige voorwaardes as wat dit mag voorskryf, die konstruksie van ‘n opgaartenk en bykomstige apparate vir die opgaar van riool of afvalwater goedkeur.

(2) Geen reënwater, stormwater of afvalwater, buiten dit deur die Munisipaliteit goedgekeur, mag in ‘n opgaartenk afgevoer word nie.

(3) Geen opgaartenk mag as sulks gebruik word nie, tensy -

(a) die omgekeerde boog van die tenk ‘n helling vorm met die uitlaat teen ‘n gradiënt van nie minder nie as 1 in 10;

(b) die tenk gas- en waterdig is;

(c) die tenk ‘n uitlaatpyp het van 100 mm in binne deursnee, en van smee-yster, gietyster of ander goedgekeurde materiaal gemaak

is, tensy andersins deur die Munisipaliteit goedgekeur, en eindigend by ‘n goedgekeurde klep en bybehore vir aansluiting by die munisipale verwyderingsvoertuie;

(d) die klep en bybehore onder artikel (c) genoem of die uitlaat kant van die pyp, soos die geval mag wees, geleë is in ‘n kamer met ‘n skarnierdeksel deur die Ingenieur goedgekeur en geplaas in ‘n posisie deur die Munisipaliteit goedgekeur;

(e) toegang na die opgaartenk voorsien is deur middel van ‘n goedgekeurde mangat, toegerus met ‘n verwyderbare gietyster deksel wat onmiddellik bo die sigbare stopkraan van die inlaatpyp geplaas is.

(4) Die Munisipaliteit mag, met inagneming van die posisie van ‘n opgaartenk of van die punt of aansluiting van ‘n verwyderingsvoertuig, as ‘n voorwaarde vir die leegmaak van die tenk van die eienaar of klant vereis om die Munisipaliteit skriftelik te vrywaar, teen enige aanspreeklikheid vir enige skade wat mag voortspruit uit die lewering van daardie diens.

(5) Waar die Munisipaliteit se verwyderingsvoertuig privaateiendom moet kruis vir die leegmaak van ‘n opgaartenk, sal die eienaar ‘n pad van minstens 3,5 m wyd voorsien, sodanig verhard dat dit ‘n vrag van 4 metrieke ton of 6 m^3 in alle weerstoestande kan weerstaan en sal verseker dat geen hek waardeur die voertuig moet beweeg om die tenk te bereik, minder as 3,5 m vir sodanige doeleindes is nie.

(6) Die eienaar of okkupeerder van ‘n perseel waarop ‘n opgaartenk geinstalleer is, sal te alle tye die tenk in goeie orde en toestand, tot bevrediging van die Munisipaliteit, onderhou.

73. Bedryf en Onderhoud van Op-Perseel Sanitasie Dienste

Die bedryf en onderhoud van op-perseel sanitasie dienste en alle vebandhoudende koste, bly die verantwoordelikheid van die eienaar van die perseel, tensy die op-perseel sanitasie dienste gesubsidieerde dienste is soos bepaal ooreenkomstig die munisipale Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering.

74. Opgaartenke en Septiese Tenks in Onbruik Geraak

Indien ‘n bestaande opgaartenk of septiese tenk nie langer benodig word vir die opgaar of behandeling van riool nie, of indien toestemming vir die gebruik daarvan onttrek word, moet die eienaar reël dat dit geheel en al verwyder of ten volle opgevul word met grond of ander geskikte materiaal, met dien verstande dat die Ingenieur mag vereis dat ‘n tenk op ‘n ander wyse oor beskik word, of onderhewig aan voorwaardes deur hom gespesifiseer, die gebruik daarvan vir ander doeleindes goedkeur.

DEEL 6: NYWERHEIDSAFVALWATER

75. Goedkeuring vir Vrystelling van Nywerheidsafvalwater

(1) Geen persoon sal nywerheidsafvalwater laat uitvloei of veroorsaak of toelaat dat dit vrygestel word in die sanitasie stelsel nie, behalwe met die goedkeuring van die Munisipaliteit.

(2) ‘n Persoon moet aansoek doen op die voorgeskrewe vorm aangeheg as Skedule B tot hierdie verordening en die nodige aansoekgelde betaal om goedkeuring vir die afvoer van nywerheidsafvalwater na die munisipale sanitasie stelsel, te verkry.

(3) Die Munisipaliteit mag, indien dit van mening is dat die kapasiteit van die sanitasie stelsel voldoende is om die vervoer en effektiewe behandeling en wettige wegdoening van die nywerheidsafvalwater te kan hanteer, vir sodanige tydperk en onderhewig aan sodanige voorwaardes wat dit mag instel, die afvloei van nywerheidsafvalwater in die sanitasie stelsel goedkeur.

(4) Enige persoon wat ‘n gebou as ‘n handelsperseel wil oprig of veroorsaak dat dit opgerig word, moet tydens die indiening van ‘n bouplan ingevolge artikel 4 van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde No 103 van 1977, ook aansoeke loods vir die voorsiening van sanitasie dienste en vir goedkeuring vir die afvoer van nywerheidsafvalwater.

(a) In die geval waar nywerhede geleë is in ‘n gebied waar dit nie by die munisipale rioolstelsel kan aansluit nie, of indien daar geen rioolaansluitings bestaan nie, moet die nywerheid afvalwater op-perseel behandel, tot bevrediging van die Ingenieur, tot ‘n omgewingsuitvloeistandaard, sodat dit veilig in die omgewing kan afvloei.

(b) Indien dit nie moontlik is om op-perseel behandeling te doen nie, moet die nywerheidsafvalwater vervoer word na die naaste afvalwater verwerkingsaanleg wat beskikbaar is en die vermoë het om die afvalwater effektief te behandel.

(c) Die nodige permit moet van die Ingenieur verkry word vir die vervoer en afvoer van die afvalwater en die nodige munisipale tariewe betaal word.

76. Terugtrekking van Goedkeuring vir Afvoer van Nywerheidsafvalwater

(1) Die Munisipaliteit mag enige goedkeuring aan ‘n kommersiële klant terugtrek, wat goedkeuring verkry het vir die afvoer van nywerheidsafvalwater in die sanitasie stelsel, nadat 14 (veertien) dae kennis gegee is, indien die klant -

(a) versuim om te verseker dat die nywerheidsafvalwater afgevoer, voldoen aan die standaarde vir nywerheidsafvalwater voorgeskryf in Skedule A van hierdie verordening of die skriftelike toestemming waarna in artikel 75 verwys;

(b) versuim of weier om aan enige kennisgewing wat wettiglik ingevolge hierdie verordening op hom bestel is, te voldoen, of enige bepalings van hierdie verordening of enige voorwaarde ingestel ingevolge toestemming aan hom verleen, oortree; of

(c) versuim om die kostes ten opsigte van enige nywerheidsafvalwater afgevoer, te betaal.

(2) Die Munisipaliteit mag tydens die terugtrekking van enige goedkeuring -

(a) bykomend tot enige stappe vereis deur hierdie verordening en met 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing, die sluiting of verseëling van die aansluitingrioolpyp van die genoemde perseel magtig; en

(b) weier om enige nywerheidsafvalwater te ontvang totdat dit tevrede is dat voldoende stappe gedoen is om te verseker dat die nywerheidsafvalwater wat afgevoer staan te word, voldoen aan die standaarde deur hierdie verordening vereis.

77. Kwaliteit Standaarde vir Afvoer van Nywerheidsafvalwater

(1) 'n Kommersiële klant, aan wie goedkeuring verleen is, moet verseker dat geen nywerheidsafvalwater in die munisipale sanitasie stelsel afgevoer word nie, tensy dit voldoen aan die standaarde en kriteria uiteengesit in Skedule A.

(2) Die Munisipaliteit mag, in die verlening van goedkeuring, die standaarde in Skedule A verslap of wysig, mits dit tevrede is dat enige verslapping die beste praktiese omgewingsopsie verteenwoordig.

(3) Tydens vasstelling of verslapping of wysiging van die standaarde in Skedule A genoem, die beste praktiese omgewingsopsie is, moet die Munisipaliteit oorweging skenk aan-

(a) of die kommersiële klant se onderneming bedryf en onderhou word teen optimale vlakke;

(b) of die tegnologie wat deur die kommersiële klant gebruik word, die beste beskikbaar verteenwoordig tot die kommersiële klant se nywerheid en, indien nie, of die installasie van die beste tegnologie onredelike uitgawes vir die klant sal veroorsaak;

(c) of die kommersiële klant in proses is om 'n program van vermindering van afval te implimenteer wat aan nasionale afval vermindering standaarde ingevolge nasionale wetgewing voldoen;

(d) die koste vir die Munisipaliteit om die verslapping of wysiging goed te keur; en

(e) die omgewingsimpak of potensiële impak van sodanige verslapping of wysiging.

(4) Toets monsters mag op enige stadium deur 'n gekwalifiseerde toetser geneem word, om vas te stel of die nywerheidsafvalwater aan Skedule A of enige ander standaard neergelê, as voorwaarde vir die verlening van goedkeuring, voldoen.

78. Voorwaardes vir the Afvoer van Nywerheidsafvalwater

(1) Die Munisipaliteit mag, met die toestaan van goedkeuring deur die uitreiking van ‘n permit (verwys Skedule D) vir die afvoer van nywerheidsafvalwater, of op enige stadium wat dit as geskik beskou, deur kennisgewing van ‘n kommersiële klant vereis om -

(a) die nywerheidsafvalwater aan voorlopige behandeling onderwerp, soos wat na die mening van die Munisipaliteit sal verseker dat die nywerheidsafvalwater aan die standaarde voorgeskryf onder Skedule A voldoen, alvorens dit in die sanitasie stelsel afgevoer word;

(b) effeningstenke, kleppe, pompe, toestelle, meters en ander toerusting wat, na die mening van die Munisipaliteit ooreenkomstig die voorwaardes deur dit ingestel, nodig sal wees om die tempo en tyd van afvoer na die sanitasie stelsel, te beheer.

(c) vir die vervoer van nywerheidsafvalwater na die sanitasie stelsel by ‘n gegewe punt, ‘n dreinering installasie afsonderlike van die dreinering installasie vir ander riool, installeer en mag ‘n kommersiële klant verbied om nywerheidsafvalwater op enige ander punt af te voer.

(d) op enige pyp wat nywerheidsafvalwater na enige rioolpyp vervoer, ‘n toegangsgat vir diens of ‘n stopklep in so ‘n posisie en van sodanige afmetings en materiaal oprig, soos wat die Munisipaliteit mag voorskryf;

(e) alle inligting wat deur die Munisipaliteit vereis mag word ten einde dit in staat te stel om die tariewe en kostes aan die Munisipaliteit verskuldig, te takseer;

(f) voldoende fasiliteite voorsien insluitend, maar nie beperk nie tot, vlak of oorloop verklikkingstoestelle, bystand toerusting, oorloop vangputte, of ander geskikte maniere om ‘n afvoer na die sanitasie stelsel teenstrydig met hierdie verordening, te voorkom;

(g) enige meter, meettoestel of ander toestel wat ingevolge hierdie artikel installeer is, te laat kalibreer deur ‘n onafhanklike kundige, op onkoste van die kommersiële klant, teen sulke tussenproses soos deur die Munisipaliteit vereis. Afskrifte van die kalibrasies moet deur die kommersiële klant aan die Munisipaliteit voorsien word; en

(h) nywerheidsafvalwater so gereeld en op welke manier die Munisipaliteit vereis, te laat analiseer en die Munisipaliteit van die uitslae verwittig soos dit beskikbaar raak.

(2) Die koste van enige behandeling, aanleg, werk of analise wat van ‘n eienaar verwag word om uit te voer, op te rig of te installeer ingevolge subartikel (1), sal vir die rekening van die betrokke kommersiële klant wees.

(3) Indien nywerheidsafvalwater, wat nie aan die standaarde in Skedule A voldoen nie of nie die goedkeuring van die Munisipaliteit ontvang het nie, na die sanitasie stelsel afgevoer word, moet die Munisipaliteit binne twaalf uur van afvoer, met volledige redes ingelig word.

DEEL 7: RIOOL AFGELEWER DEUR PADVERVOER

79. Ontvangs van Riool deur Padvervoer Afgelewer

Die Ingenieur mag, na sy oordeel, en onderhewig aan sodanige voorwaardes deur hom gespesifiseer, riool wat by die Munisipaliteit se riool behandelingsaanleg deur padvervoer afgelewer word vir wegdoening, ontvang.

80. Goedkeuring vir Aflewering van Riool deur Padvervoer

(1) Geen persoon mag riool deur padvervoer by die munisipale riool behandelingsaanleg aflewer met die doel om dit in die aanleg af te voer nie, tensy met die goedkeuring van die Ingenieur en onderhewig aan die voorwaardes en enige tye wat op redelike gronde, deur hom ingestel word.

(2) Die kostes vir enige riool afgelewer met die doel om dit in die munisipale behandelingsaanleg af te voer, sal deur die Munisipaliteit getakseer word ooreenkomstig die voorgeskrewe tariewe of kostes.

(3) Die vervoer maatskappy sal -

(a) die veiligheid en geskiktheid van die voertuig asook dat geen storting gedurende onttrekking, vervoer of afvoering plaasvind nie, verseker;

(b) die vereiste gesondheid- en veiligheidsplan beskikbaar hê;

(c) ‘n gereedheidsplan beskikbaar hê ingeval ‘n toevallige storting plaasvind.

81. Onttrekking van Toestemming vir Aflewering van Riool deur Padvervoer

Die Ingenieur mag enige toestemming ingevolge artikel 81 gegee, onttrek, nadat ten minste 14 (veertien) dae skriftelike kennis van sy voorneme gegee is, indien ‘n persoon, aan wie toestemming gegee is om riool wat deur padvervoer afgevoer mag word -

(a) nalaat om te verseker dat die riool voldoen aan die standaarde voorgeskryf deur of Skedule A, of as ‘n voorwaarde van goedkeuring; of

(b) nalaat of weier om aan enige kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening op hom bestel is, te voldoen, of enige bepalings van hierdie verordening oortree, of indien enige voorwaarde teen hom ingestel is as ‘n voorwaarde van goedkeuring; en

(c) nalaat om al die kostes van toepassing op die aflewering van riool, te betaal.

82. Voorwaardes vir Aflewering van Riool deur Padvervoer

Wanneer riool afgelewer staan te word deur padvervoer -

(a) sal die tyd en plek van aflewering in samewerking met die Ingenieur gereël word; en

(b) moet die Ingenieur, alvorens ‘n aflewering kan plaasvind, tevrede gestel word dat die riool van ‘n aard is wat geskik is vir padvervoer en dat die aflewering sal voldoen aan die bepalings van hierdie verordening.

DEEL 8: GESUIWERDE RIOOL

83. Gebruik van Gesuiwerde Riool

(1) Die Munisipaliteit mag op aansoek ingevolge artikel 2, instem om gesuiwerde riool aan ‘n verbruiker te voorsien, onderhewig aan sodanige bepalings en voorwaardes as wat die Munisipaliteit mag instel.

(2) Geen waarborg, uitgedruk of stilswyend, sal deur die Munisipaliteit voorsien word ten opsigte van die geskiktheid van die gesuiwerde riool vir die doel waarvoor die voorraad goedgekeur is nie.

(3) Die voorraad gesuiwerde riool sal, tot beide toestand en gebruik, geheel en al op risiko van die verbruiker wees, wie verantwoordelik sal wees vir enige gevolglike skade of verlies wat hom/haar of ander toekom wat ‘n direkte of indirekte gevolg daarvan is, insluitend die gevolge van enige *bona fide* fout van die Munisipaliteit of die wanfunksionering van die behandelingsaanleg.

(4) Gesuiwerde rioolpype moet -

(a) duidelik gemerk wees en aandui dat dit gesuiwerde afvalwater vervoer;

(b) ‘n waarskuwingskennisgewing met gereelde tussenposes op die pyp hê of in ‘n ander kleur (oranje) gemerk wees;

(c) nie toeganklik vir die algemene publiek wees nie;

(d) opgerig word ingevolge die algemene standaarde van die Munisipaliteit.

DEEL 9: ANDER SANITASIE DIENSTE

84. Stalle en Soortgelyke Persele

Die Munisipaliteit mag die aansluiting van ‘n dreinering installasie aan stalle, koeistalle, melkerye, hondehokke, ander persele vir die aanhou van diere en looierye goedkeur, onderhewig aan die betaling van alle toepaslike kostes en die voldoening aan enige voorwaardes wat die Munisipaliteit mag instel; hoewel goedkeuring slegs gegee sal word indien -

(a) die vloer van die perseel geteel is met ondeurdringbare materiaal, deur die Munisipaliteit goedgekeur en teen ‘n helling gelê tot by ‘n slikvanger, ghriesvangput of slooitjie van voldoende kapasiteit; en

(b) elke deel van die vloer van die perseel deur ‘n dak gedek is, of ‘n ander beskermende toestel, op ‘n manier wat die toegang van reën en stormwater in die dreinering stelsel, voorkom.

85. Meganiese Voedsel-Afval of Ander Wegdoen Eenhede

Die Munisipaliteit mag die aansluiting of inlywing, van ‘n meganiese voedsel–afval wegdoen eenheid en enige wegdoen eenheid of afval meul met ‘n kapasiteit van meer as 500W, by ‘n dreinering installasie goed, onderhewig aan die betaling van alle toepaslike kostes en enige voorwaarde wat diie Munisipaliteit mag instel, hoewel goedkeuring slegs gegee sal word indien -

(a) die watermeter deur die Munisipaliteit installeer word;

(b) die Ingenieur tevrede is dat die Munisipaliteit se rioleringstelsel en riool behandelingsaanleg nie nadelig beïnvloed sal word nie; en

(c) die installasie of inlywing geinstalleer word deur voldoening aan die Munisipaliteit se verordeninge insake elektrisiteit.

86. Bouwerk oor Riolering Stelsel

(1) Geen struktuur mag oor ‘n munisipale diens opgerig word nie, en geen groot plantedek mag oor ‘n munisipale diens gevestig word nie. ‘n Munisipale diens moet te alle tye toeganklik wees en toegang moet te alle tye aan die Munisipaliteit of sy aangestelde agente, voorsien word.

(2) Die eienaar/okkupeerder is verantwoordelik om alle foute en defekte aan die Munisipaliteit of sy aangestelde agente, te rapporteer.

DEEL 10: INSTALLASIE WERK

87. Goedkeuring van Installasie Werk

(1) Indien ‘n eienaar installasie werk wil laat doen, moet hy eers die Munisipaliteit se skriftelike goedkeuring verkry.

(2) Aansoek vir die goedkeuring waarna in subartikel (1) verwys, moet op die voorgeskrewe vorm gedoen en vergesel word deur -

(a) die koste deur die Munisipaliteit bepaal, indien ‘n koste bepaal is, en

(b) afskrifte van alle tekeninge wat deur die Munisipaliteit vereis mag word;

(c) ‘n sertifikaat deur ‘n professionele ingenieur wat sertifiseer dat die installasie ontwerp is ooreenkomstig enige toepaslike SANS Kodes.

(3) Goedkeuring verleen ingevolge subartikel (1) sal na 12 (twaalf) maande verval.

(4) Wanneer goedkeuring verleen is ingevolge subartikel (1), moet ‘n volledige stel tekeninge wat deur die Munisipaliteit vereis en goedgekeur is, op perseel beskikbaar wees vir inspeksie te alle redelike tye, totdat die werk voltooi is.

(5) Indien installasie werk teenstrydig met subartikel (1) of (2) gedoen is, mag die Munisipaliteit van die eienaar vereis om op sy onkoste -

(a) die oortreding binne ‘n bepaalde tyd reg te stel;

(b) die werk te staak indien dit reeds begin is;

(c) alle werk wat nie aan hierdie verordening voldoen nie, te verwyder.

88. Persone Toegelaat om Installasie- en Ander Werk te doen

(1) Geen persoon wat nie ‘n loodgieter is nie, of onder die beheer van ‘n loodgieter werk nie, sal toegelaat word om -

(a) installasie werk behalwe die vervanging of herstel van ‘n bestaande pyp of sanitasie koppelstukke te doen nie;

(b) ‘n dreinering installasie, brand installasie of opgaartenk te inspekteer, ontsmet en te toets nie;

(c) ‘n terugvloeiklep te diens, herstel of te vervang nie;

(d) ‘n meter in ‘n dreinering stelsel wat deur die eienaar voorsien is, te installeer, onderhou of te vervang nie;

(2) Geen persoon sal van ‘n ander persoon vereis of hom in diens neem om die werk te doen waarna onder subartikel (1) verwys is, indien hy nie ‘n loodgieter is nie.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1) en (2), mag die Munisipaliteit ‘n persoon wat nie ‘n loodgieter is nie, toelaat om installasie werk op sy eie perseel te doen, indien dit deur homself en sy huishouding bewoon word, hoewel die werk inspekteer en goedgekeur moet word deur ‘n loodgieter onder die bestuur van en wie deur die Ingenieur aangewys is, indien toestemming verleen word.

89. Gebruik van Pype en Water Koppelstukke moet Gemagtig word

(1) Geen persoon sal sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die Ingenieur, ‘n pyp of water koppelstuk in ‘n water installasie binne die Munisipaliteit se regsgebied installeer of gebruik nie, tensy dit ingesluit is in die Skedule van Goedgekeurde Pype en Koppelstukke wat deur die Munisipaliteit saamgestel is.

(2) Aansoek vir die insluiting van ‘n pyp of water koppelstuk in die Skedule onder subartikel (1) genoem, moet op die vorm deur die Munisipaliteit voorgeskryf, gemaak word.

(3) ‘n Pyp of water koppelstuk mag in die Skedule onder subartikel (1) na verwys, ingesluit word indien -

(a) dit die standaardiseringsmerk van die Suid–Afrikaanse Buro van Standaarde ten opsigte van die verwante SANS spesifikasies deur die Buro gebruik; of

(b) dit ‘n sertifiseringsmerk dra deur die SANS uitgereik, om te sertifiseer dat die pyp of water koppelstuk -

(i) aan ‘n SANS Merk spesifikasie voldoen; of

(ii) ‘n voorlopige spesifikasie het soos deur die SANS uitgereik;

(c) dit ingesluit is in die lys van water en sanitasie installasies soos deur JASWIC aanvaar;

(d) geen sertifiseringsmerk ‘n tydperk van twee jaar oorskrei nie;

(e) Die Munisipaliteit mag enige bykomende voorwaarde wat dit as noodsaaklik beskou, instel, in verband met die gebruik, of metode van installering, van enige pyp of water koppelstuk, in die Skedule ingesluit.

(4) ‘n Pyp of sanitasie koppelstuk moet van die Skedule verwyder word indien dit -

(a) nie meer aan die kriteria waarop die insluiting daarvan gebasseer was, voldoen nie; of

(b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor die gebruik daarvan aanvaar is nie.

(5) Die huidige Skedule moet beskikbaar wees vir inspeksie by die Munisipale Kantore te enige tyd, gedurende werksure.

(6) Die Munisipaliteit mag afskrifte van die huidige Skedule teen ‘n koste wat dit bepaal, verkoop.

90. Toets van Dreinering Installasies

(1) Geen dreinering installasie of enige deel daarvan mag aan of op perseel sanitasie dienste aangesluit word nie, nóg mag die munisipale sanitasie stelsel aan ‘n bestaande goedgekeurde installasie aangesluit word, tensy enige een of meer van die volgende toetse toegepas is in die teenwoordigheid van en tot bevrediging van die Ingenieur, alvorens die dreinering installasie ingesluit word:

(a) die binnekant van elke pyp of reeks pype tussen twee punte van toegang sal oor die volle lengte daarvan inspekteer word deur middel van ‘n spieël en ‘n ligbron, en gedurende die inspeksie moet ‘n volle ligsirkel aan die waarnemers sigbaar wees, en die pype of reeks pype moet as obstruksie vry beskou word;

(b) ‘n klein bal met ‘n deursnit van 12mm minder as die nominale deursnit van die pyp sal, wanneer dit by die hoër punt van die pyp ingerol word, sonder hulp of onderbreking afrol na die laer punt;

(c) indien deur die Munisipaliteit vereis, ‘n kamera inspeksie van die pyp;

(d) nadat alle openings tot die pyp of reeks pype wat getoets staan te word, toegestop of verseël is en alle geassosieerde vangputte met water gevul is, sal lug in die pyp of pype ingepomp word totdat ‘n gemiddelde metrieke druk van 38mm van water aangedui word, waarna die druk groter as 25mm van water moet bly vir ‘n tydperk van minstens 3 (drie) minute sonder dat daar verder gepomp word; en

(e) alle dele van die installasie word onderwerp aan en vereis om ‘n intern toegepaste hidroliese druk toets van nie minder nie as 3m onder water vir ‘n tydperk van nie minder as 10 minute nie, te weerstaan.

(2) Indien die Munisipaliteit rede het om te glo dat enige dreinering stelsel of enige deel daarvan foutief geraak het, mag dit van die eienaar van enige perseel vereis om enige of al die toetse onder subartikel (1) voorgeskryf, uit te voer en indien die stelsel versuim om enige of al die toetse tot bevrediging van die Munisipaliteit te slaag, mag die Munisipaliteit deur kennisgewing die eienaar vereis om alle redelike maatreëls wat nodig mag wees om die bevoegdheid van die installasie te herstel, te doen, sodat dit enige of al die toetse kan slaag.

91. Water Aanvraag Bestuur

(1) Nieteenstaande die bepalings van artikel 97 en 117, mag geen spoel urinaal wat nie gebruiker geaktiveerd is, installeer word of voortgaan om in enige water installasie te funksioneer nie. Alle spoel urinale wat nie gebruiker geaktiveerd is en installeer is voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies, moet binne twee jaar nadat hierdie regulasies in werking tree, omskep word na gebruiker geaktiveerde urinale.

(2) Geen spoelbak en verwante pan wat ontwerp is om saam met sodanige spoelbak te funksioneer, sal installeer word met ‘n spoelbak kapasiteit van meer as 9 liter nie en alle spoelbakke, nie bedoel vir publieke gebruik, sal met ‘n spoeltoestel toegerus word wat onderbreukbare of meervoudige spoele toelaat, met dien verstande dat sodanige spoeltoestel nie in spoelbakke met ‘n kapasiteit van 4,5 liter of minder, vereis word nie.

HOOFSTUK 6: WATER DIENSTE BEMIDDELAARS

92. Registrasie

Die Munisipaliteit mag deur publieke kennisgewing vereis dat water dienste bemiddelaars of klasse van water dienste bemiddelaars by die Munisipaliteit op ‘n wyse in die publieke kennisgewing uiteengesit, registreer.

93. Voorsiening van Water Dienste

(1) Water dienste bemiddelaars moet verseker dat water dienste, insluitend basiese dienste soos deur die Munisipaliteit bepaal, voorsien word aan sodanige persone soos wat dit verplig is om water dienste aan te voorsien.

(2) Die kwaliteit, hoeveelheid en volhoubaarheid van water dienste voorsien deur water dienste bemiddelaars, moet enige minimum standaarde ingevolge die Wet voorgeskryf, handhaaf en moet ten minste van dieselfde gehalte wees soos deur die Munisipaliteit aan klante voorsien.

94. Kostes vir Water Dienste Voorsien

(1) ‘n Water dienste bemiddelaar mag nie kostes verhaal vir water dienste teen ‘n prys wat nie voldoen aan enige norme en standaarde deur die Wet voorgeskryf en enige ander norme en standaarde wat deur die Munisipaliteit bepaal word nie.

(2) ‘n Water dienste bemiddelaar moet gesubsidieerde water dienste voorsien, soos deur die munisipale raad ingevolge die munisipale Verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering van tyd tot tyd bepaal en deur die Munisipaliteit aan klante voorsien word, teen ‘n prys wat dieselfde is of minder as die kostes waarteen die Munisipaliteit sodanige dienste voorsien.

HOOFSTUK 7: ONGEMAGTIGDE WATER DIENSTE

95. Ongemagtigde Dienste

(1) Geen persoon mag toegang verkry tot water dienste nie, tensy dit ingevolge ‘n ooreenkoms is, aangegaan met die Munisipaliteit vir die lewering van daardie dienste.

(2) Die Munisipaliteit mag, ongeag enige ander stappe wat dit mag doen teen sodanige persoon ingevolge hierdie verordening, deur geskrewe kennisgewing ‘n persoon wat ongemagtigde dienste gebruik, beveel om -

(a) vir sodanige dienste ingevolge artikel 2 en 3 aansoek te doen; en

(b) sodanige werk te onderneem soos wat nodig geag word ten einde te verseker dat die klant installasie waardeur toegang verkry is, voldoen aan die bepalings van hierdie of enige ander toepaslike verordeninge.

96. Inmenging met Infrastruktuur vir die Voorsiening van Water Dienste

(1) Geen persoon buiten die Munisipaliteit sal infrastruktuur waardeur water dienste voorsien word, bestuur, bedryf of onderhou nie, tensy deur skriftelike ooreenkoms met die Munisipaliteit.

(2) Geen persoon behalwe die Munisipaliteit sal ‘n aansluiting doen aan infrastruktuur waardeur water dienste voorsien word, tensy dit nie gedek is deur ‘n ooreenkoms met die Munisipaliteit nie.

(3) Die Munisipaliteit mag enige kostes wat verband hou met die herstel van skade, veroorsaak ten gevolge van ‘n oortreding van subparagrawe (1) en (2), verhaal. Die kostes verhaalbaar deur die Munisipaliteit is die volle koste wat verband hou met die herstel van die skade en sluit in, maar is nie beperk tot enige ondersoekende navorsing, opname, planne, spesifikasies, hoeveelheidskedules, toesig, administratiewe koste, die gebruik van gereedskap, die uitgawe aan arbeid betrokke by die versteuring of herstel van enige deel van ‘n straat of grond beïnvloed deur die herstelwerk asook omgewingskoste nie.

97. Belemmering van Toegang tot Infrastruktuur vir die Voorsiening van Water, Sanitasie en Riool Dienste

(1) Geen persoon sal die fisiese toegang van die Munisipaliteit tot infrastruktuur waardeur water, sanitasie en riool dienste voorsien word, verhoed of beperk nie.

(2) Indien ‘n persoon subartikel (1) oortree, mag die Munisipaliteit -

(a) deur geskrewe kennis, van sodanige persoon vereis om toegang te herstel op sy eie onkoste en binne ‘n bepaalde tydperk; of

(b) indien dit van mening is dat die situasie ‘n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing toegang herstel en die koste van sodanige persoon verhaal.

(3) Die kostes verhaalbaar deur die Munisipaliteit, is die volle koste wat verband hou met die herstel van die skade en sluit in, maar is nie beperk tot enige ondersoekende navorsing, opname, planne, spesifikasies, hoeveelheidskedules, toesig, administratiewe koste, die gebruik van gereedskap, die uitgawe aan arbeid betrokke by die versteuring of herstel van enige deel van ‘n straat of grond beïnvloed deur die herstelwerk asook omgewingskoste nie.

98. Vermorsing van Water

(1) (a) Geen klant sal die doellose of verkwistende afvoer van water deur eindpunt water koppelstukke toelaat nie;

(b) veroorsaak dat pype of water koppelstukke lek;

(c) die gebruik van wanaangepaste of foutiewe water koppelstukke toelaat nie; of

(d) toelaat dat ‘n oorloop van water aanhou nie.

(2) ‘n Eienaar sal enige deel van sy water en sanitasie installasie wat in so ‘n staat van verval is, dat dit ‘n voorval onder subartikel (1) gelys veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, vervang of herstel.

(3) Indien ‘n eienaar nalaat om maatreëls soos onder subartikel (2) beoog, te tref, sal die Munisipaliteit deur skriftelike kennisgewing, vereis dat die eienaar aan die bepalings van subartikel (1) voldoen.

(4) Die Munisipaliteit mag, deur skriftelike kennisgewing, die gebruik deur ‘n klant van enige toerusting in ‘n water of sanitasie installasie verbied, indien na sy mening, die gebruik van water deur die toerusting, ondoeltreffend is. Sodanige toerusting mag nie weer gebruik word totdat die doeltreffendheid daarvan herstel is en ‘n geskrewe aansoek tot dien effekte deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie.

99. Ongemagtigde en Onwettige Afvoere

(1) Geen persoon mag enige riool direk of indirek in ‘n stormwaterdrein, rivier, stroom of ander waterbaan, hetsy natuurlik of nagemaak, afvoer nie.

(2) Die eienaar of okkupeerder van enige perseel waarop stoom of enige ander vloeistof buiten drinkbare water opgegaar, verwerk of opgewek word, sal alle nodige fasiliteite vir die voorkoming van enige afvoer of lekkasie van sodanige vloeistof na die straat, stormwaterdrein of waterbaan, hetsy natuurlik of nagemaak, voorkom, met uitsondering waar, in die geval van stoom, die Munisipaliteit sodanige afvoer goedgekeur het.

(3) Waar die afspuit van of oorstroming deur reënwater van ‘n oop area op ‘n perseel, na die mening van die Munisipaliteit, moontlik die afvoer van aanstootlike materie in enige straat, stormwaterdrein, rivier, stroom of

ander waterbaan, hetsy natuurlik of nagemaak, of die besoedeling van enige sodanige waterbaan te veroorsaak of daartoe by te dra, mag die Munisipaliteit, deur kennisgewing, van die eienaar vereis om redelike maatreëls in te stel om sodanige afvoer of besoedeling te voorkom of te verminder.

(4) Geen persoon mag enige van die volgende afvoer of veroorsaak of toelaat dat dit afgevoer word nie -

(a) enige stof, insluitend stormwater, behalwe riool, afgevoer te word in ‘n dreinering installasie;

(b) water van enige swembad direk of indirek oor enige straat of in ‘n straatvoor, stormwaterdrein, waterbaan, oop grond of privaat perseel behalwe die perseel van die eienaar van sodanige swembad;

(c) water van ‘n nagemaakte fontein, opgaartenk of swembad op persele geleë, in ‘n dreinering installasie in, sonder die toestemming van die Munisipaliteit en onderhewig aan die betaling van toepaslike kostes en sodanige voorwaardes soos wat die Munisipaliteit mag bepaal;

(d) enige riool, nywerheidsafvalwater of ander vloeistof of materie wat -

(i) na die mening van die Ingenieur, aanstootlik mag wees of ‘n oorlas vir die publiek veroorsaak;

(ii) in die vorm van stoom of damp is of ‘n temperatuur het wat 20º C oorskry by die punt waar dit die rioolpyp binnegaan;

(iii) ‘n pH waarde van minder as 6.0 of groter as 10 het;

(iv) enige stof bevat, van watter aard ookal, wat waarskynlik plofbare, giftige of aanstootlike gasse of dampe in enige rioolpyp kan vorm of vrylaat;

(v) enige stof bevat wat ‘n oop ontbrandingspunt van minder as 93º C het, of wat ‘n giftige damp teen ‘n temperatuur van onder 93º C vrystel;

(vi) enige materiaal hoegenaamd bevat, insluitend olie, ghries, vet of reinigingsmiddel wat die vermoë het om ‘n obstruksie tot vloei in die rioolpype of dreine of inmenging in die behoorlike bedryf van ‘n riool behandelingsaanleg, kan veroorsaak;

(vii) enige sigbare tekens van teer of geassosieerde produkte of distillate, bitumens of asfalte, toon;

(viii) enige stof in sodanige konsentrasie ten einde ‘n onwenslike smaak te veroorsaak na chlorering of ‘n onwenslike reuk of kleur, of oormatige skuim, bevat;

(ix) of ‘n groot CSV (Chemiese Suurstof Vraag) waarde, ‘n laer pH waarde, of ‘n hoër suur alkaligehalte het of elektriese geleiding dan soos gespesifiseer in Skedule A, sonder die vooraf goedkeuring en onderhewig aan die betaling van

toepaslike kostes en sodanige voorwaardes soos die Munisipaliteit mag instel;

(x) enige stof bevat wat na die mening van die Ingenieur -

(aa) nie by die riool behandelingsaanleg waarheen dit afgevoer kon word, behandel kan word nie;

(bb) die behandelingsproses by die riool behandelingsaanleg waarheen dit afgevoer kon word, nadelig sal beïnvloed;

(cc) die vermoë van die riool behandelingsaanleg om afvoere te produseer wat die afvalwater afvoer standaarde ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet no 36 van 1998) en die DWAF Algemene Magtiging – 2004, nadelig sal beïnvloed; of

(e) alleen of in samestelling met ‘n ander stof -

(aa) ‘n giftige stof mag voortbring of vorm, gevaarlik vir die gesondheid van persone wat by die riool behandelingsaanleg in diens is, of wat die Raad se rioolpype of mangate in die loop van hul werksaamhede moet binnegaan; of

(bb) mag skadelik wees vir rioolpype, behandelingsaanlegte of grond gebruike vir afvoer van behandelde afvalwater; of

(cc) enige van die prosesse waardeur riool behandel word, of enige hergebruik van riool afvalwater, nadelig mag beïnvloed.

(5) Geen persoon sal die versameling van ghries, olie, vet of vastestowwe in enige dreinering stelsel wat die effektiewe funksionering daarvan nadelig sal beïnvloed, veroorsaak of toelaat nie.

(6) Die munisipaliteit mag, nieteenstaande enige ander stappe wat ingevolge hierdie verordening gedoen mag word, van enige persoon wat nywerheidsafvalwater of enige stof wat ongemagtig of onwettig is, afvoer, alle kostes aangegaan deur die Munisipaliteit as gevolg van sodanige afvoere, insluitend kostes as gevolg van -

(a) beserings aan persone, skade aan die sanitasie stelsel; of

(b) ‘n vervolging ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No 36 van 1998), verhaal.

100. Onwettige Heraansluiting

‘n Klant wie se toegang tot water voorsieningsdienste beperk of ontkoppel is, wat opsetlik tot dienste heraansluit of wat opsetlik of uit nalatigheid met infrastruktuur, waardeur water voorsieningsdienste verskaf word, inmeng, sal met skriftelike kennisgewing ontkoppel word.

101. Inmenging met infrastruktuur

(1) Geen persoon mag onwettiglik en opsetlik of uit nalatigheid inmeng met infrastruktuur waardeur die Munisipaliteit munisipale dienste voorsien.

(2) Indien ‘n persoon subartikel (1) oortree, mag die Munisipaliteit -

(a) deur skriftelike kennisgewing, van sodanige persoon vereis om die inmenging te staak of reg te stel, op sy eie onkoste en binne ‘n bepaalde tyd; of

(b) indien dit van mening is dat die situasie ‘n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing die inmenging voorkom of herstel en die koste van sodanige persoon verhaal.

102. Pype in Strate of Publieke Plekke

Geen persoon sal vir die doel van die vervoer van water of riool, van watter bron ookal ontleen, ‘n pyp of geassosieerde komponente lê of oprig op, in of onder ‘n straat, publieke plek of ander grond besit deur of onder die beheer van enige munisipaliteit nie, behalwe met die vooraf skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos dit mag instel.

103. Gebruik van Water van Bronne Anders as die Water Voorsiening Stelsel

(1) Geen persoon sal die water wat verkry is van ‘n bron buite die water voorsiening stelsel gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, anders as reënwater tenke wat nie aan die water installasie gekoppel is nie, behalwe met die vooraf goedkeuring van die Ingenieur of DWB, en ooreenkomstig sodanige voorwaardes as wat dit mag instel, vir huishoudelike, kommersiële of nywerheidsdoeleindes.

(2) Enige persoon wat die goedkeuring waarna in subartikel (1) verwys word, verlang, sal die Ingenieur van bevredigende bewyse moet voorsien dat die water waarna onder subartikel (1) verwys word, voldoen, hetsy ten gevolge van behandeling of andersins, aan die vereistes van die jongste gewysigde SANS 241: Drinkwater, of dat die gebruik van sodanige water nie ‘n gevaar vir gesondheid is of sal wees nie.

(3) Enige goedkeuring ingevolge subartikel (1) gegee, mag teruggetrek word indien, na die mening van die Ingenieur -

(a) ‘n voorwaarde ingestel ingevolge subartikel (1) verbreek word;

(b) die watergehalte nie langer voldoen aan die vereistes onder subartikel (2) na verwys.

(4) Die Ingenieur mag monsters van die water neem wat van ‘n ander bron as die water voorsiening stelsel verkry is, en reël dat die monsters getoets word vir voldoening aan die vereistes onder subartikel (2) na verwys.

(5) Die vasgestelde koste vir die neem en toets van die monsters onder subartikel (4) hierbo na verwys, sal deur die persoon aan wie goedkeuring verleen is ingevolge subartikel (1), betaal word.

(6) Indien water verkry uit ‘n boorgat of ander bron van voorsiening, op enige perseel gebruik word vir ‘n doel wat lei tot die afvoer van sodanige water of ‘n gedeelte daarvan na die munisipale riool stelsel, mag die Munisipaliteit ‘n meter installeer in die pyp wat vanaf sodanige boorgat lei

of ander bron van voorsiening, tot by die punt of punte waar dit gebruik word.

(7) Die bepalings van artikel 20 sal toepaslik wees, insoverre dit van toepassing is op die meter waarna verwys word onder subartikel (4).

104. Gebruik van Op-Perseel Sanitasie Dienste Nie Gekoppel aan die Sanitasie Stelsel

(1) Geen persoon sal op-perseel sanitasie dienste wat nie aan die munisipale sanitasie stelsel gekoppel is, gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, behalwe met die vooraf goedkeuring van die Ingenieur, en ooreenkomstig sodanige voorwaardes as wat hy/sy mag instel, vir huishoudelike, kommersiële of nywerheidsdoeleindes.

(2) Enige persoon wat die goedkeuring onder subartikel (1) na verwys, verlang, sal aan die Ingenieur bewyse voorlê tot sy/haar bevrediging, dat die sanitasie fasiliteit waarskynlik nie ‘n nadelige effek op gesondheid en die omgewing sal hê nie.

(3) Enige goedkeuring verleen ingevolge subartikel (1), mag teruggetrek word, indien na die mening van die Ingenieur -

(a) voorwaardes ingestel ingevolge subartikel (1) verbreek is;

(b) die sanitasie fasiliteit ‘n nadelige invloed op gesondheid of die omgewing het; of

(c) ‘n munisipale diens beskikbaar raak en aansluiting deur die Munisipaliteit voorsien kan word.

(4) Die Ingenieur mag sodanige ondersoeke onderneem soos hy/sy goeddunk, ten einde te bepaal of ‘n sanitasie fasiliteit ‘n nadelige invloed op gesondheid of die omgewing het.

(5) Die persoon aan wie goedkeuring verleen is ingevolge subartikel (1), sal aanspreeklik wees vir die kostes wat verband hou met ‘n ondersoek ingevolge subartikel (2) onderneem, indien die resultaat van die ondersoek aandui dat die sanitasie fasiliteit ‘n nadelige invloed op gesondheid en die omgewing het.

HOOFSTUK 8: KENNISGEWINGS

105. Mag om te Dien en Voldoening aan Kennisgewings

(1) Die Munisipaliteit mag, deur skriftelike kennisgewing, ‘n eienaar, klant of ander persoon wat nalaat deur handeling of versuim, om die bepalings van hierdie verordening na te kom, of om enige voorwaarde deur dit ingestel uit te voer, beveel om sy versuim reg te stel binne ‘n tydperk in die kennisgewing gespesifiseer, welke tydperk nie minder as dertig dae sal wees nie, tensy waar ‘n kennisgewing ingevolge artikel 18 uitgereik word, waar die tydperk nie minder as sewe dae sal wees nie.

(2) Indien ‘n persoon versuim om aan ‘n skriftelike kennisgewing deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie verordening op hom bestel, binne ‘n bepaalde tydperk te voldoen, mag dit sodanige stappe doen wat na sy mening nodig is om voldoening te verseker, insluitend-

(a) deur die nodige werk self te onderneem en die koste van sodanige werk of optrede van daardie eienaar, verbruiker of ander persoon te verhaal;

(b) die beperking of beïndiging van die voorsiening van dienste; en

(c) die instelling van wetlike prosedures;

(3) ‘n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet-

(a) besonderhede van enige bepalings van die verordening wat nie nagekom is nie, weergee;

(b) die eienaar, verbruiker of ander persoon ‘n redelike geleentheid gee om vertoë te lewer en sy saak op skrif te stel, aan die Munisipaliteit binne ‘n spesifieke tydperk, tensy die eienaar, verbruiker of ander persoon ‘n geleentheid gegee was voor die kennisgewing bestel is;

(c) die stappe spesifiseer wat die eienaar, verbruiker of ander persoon moet doen ten einde die versuim reg te stel en te voldoen;

(d) die tydperk waarbinne die eienaar, verbruiker of ander persoon die stappe moet doen soos gespesifiseer, ten einde die versuim reg te stel; en

(e) aandui dat die Munisipaliteit-

(i) enige werk mag onderneem wat nodig is om die versuim reg te stel ten einde aan die kennisgewing te voldoen en dat die koste van regstelling vir die Munisipaliteit, verhaal mag word van die eienaar, verbruiker of ander persoon wat versuim het om daaraan te voldoen; en

(ii) enige ander stappe mag doen wat dit nodig ag ten einde voldoening te verseker.

(4) In die geval van ‘n nood mag die Munisipaliteit sonder verdere kennisgewing aan enigeen, die werk deur subartikel (3)(e)(i) vereis, onderneem en die koste van ‘n persoon verhaal wie, buiten vir die nood, in kennis gestel moet word ingevolge subartikel (1).

(5) Die kostes verhaalbaar deur die Munisipaliteit ingevolge subartikel (3) en (4) is die volle koste geassosieer met daardie werk en sluit in, maar is nie beperk tot enige ondersoekende navorsing, opname, planne, spesifikasies, hoeveelheidskedules, toesig, administratiewe koste, die gebruik van gereedskap, die uitgawe aan arbeid betrokke by die versteuring of herstel van enige deel van ‘n straat of grond beïnvloed deur die herstelwerk asook omgewingskoste nie.

HOOFSTUK 9: APPELLE

106. Appelle teen Besluite van die Munisipaliteit

(1) ‘n Klant mag skriftelik appélleer teen ‘n besluit van, of ‘n kennisgewing uitgereik deur, die Munisipaliteit ingevolge hierdie verordening.

(2) ‘n Appél ingevolge subartikel (1) moet skriftelik gedoen word en by die Munisipaliteit ingedien word binne 14 (veertien) dae nadat die klant bewus geraak het van die besluit of kennisgewing en moet-

(a) die redes vir die appél; en

(b) vergesel wees van enige sekuriteit deur die Munisipaliteit bepaal vir die toetsing van ‘n meettoestel, indien dit getoets is.

(3) ‘n Appél moet binne 14 (veertien) dae nadat dit ingedien is deur die Munisipaliteit beslis word en die klant moet so gou doenlik skriftelik in kennis gestel word van die uitslag daarvan.

(4) Die beslissing van die Munisipaliteit is finaal.

(5) Die Munisipaliteit mag die laat indiening van appélle of ander proseduriële onreëlmatighede verskoon.

HOOFSTUK 10: OORTREDINGS

107. Oortredings

(1) Onderhewig aan subartikel (2) is enige persoon wat-

(a) die Munisipaliteit dwarsboom of verhinder in die uitoefening van die magte of die uitvoering van sy funksies of pligte onder hierdie verordening;

(b) met munisipale toerusting, die water voorsiening stelsel, sanitasie stelsel en verspreidingsnetwerk of verbruik van dienste gelewer, gebruik, peuter of inmeng;

(c) ‘n bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen behalwe ‘n bepaling vir betaling van munisipale dienste;

(d) versuim om te voldoen aan die bepalings van ‘n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening op hom bestel is;

skuldig aan ’n oortreding en by skuldigbevinding aanspreeklik vir die betaling van ‘n boete of by versuim tot tronkstraf wat nie 6 maande oorskry nie, en in die geval van ‘n voortgesette oortreding, tot ‘n verdere boete wat van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit bepaal word, of by versuim om te betaal, tot tronkstraf wat nie meer is as een dag vir elke dag wat die oortreding voortduur nie, nadat ‘n skriftelike kennisgewing wat die beëindiging van sodanige oortreding vereis, deur die Munisipaliteit uitgereik en op die betrokke persoon bestel is.

(2) Geen persoon sal vir tronkstraf aanspreeklik wees indien hy nie kan bekostig om ‘n boete te betaal nie, en sal in plaas daarvan aanspreeklik wees vir ‘n tydperk van gemeenskapsdiens.

(3) Enige persoon wat ‘n oortreding van die bepalings van hierdie verordening begaan, sal aanspreeklik wees om die Munisipaliteit te vergoed vir enige verlies of skade gely of opgedoen as gevolg van die verbreking.

HOOFSTUK 11: DOKUMENTASIE

108. Ondertekening van Kennisgewings en Dokumente

'n Kennisgewing of dokument deur die Munisipaliteit uitgereik ingevolge hierdie verordening en onderteken deur 'n behoorlik gemagtigde munisipale werknemer, sal beskou word as behoorlik bestel en moet by die blote voorlegging daarvan deur 'n hof as *prima facie* bewys van daardie feit, aanvaar word.

109. Bestelling van Kennisgewings

(1) Enige kennisgewing, bevel of ander dokument wat bestel word op enige persoon ingevolge hierdie verordening moet, onderhewig aan die bepalings van die Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977), persoonlik bestel word, by gebreke waarvan dit as behoorlik bestel beskou mag word -

(a) wanneer dit by 'n persoon se dorp, woonplek, besigheid of werkplek in die Republiek by 'n persoon wat vermoedelik oor die ouderdom van sestien jaar is, gelaat word;

(b) wanneer dit gepos is deur geregistreerde of gesertifiseerde pos na 'n persoon se laas bekende woonadres of besigheidsadres in die Republiek en 'n bevestiging dat dit gepos is, van die posdiens verkry is;

(c) indien 'n persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit bestel is op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek op 'n wyse soos voorsien onder subartikel (a), (b) of (d); of

(d) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel, geplaas is, indien enige,waarmee dit in verband staan.

(e) wanneer 'n publieke kennisgewing in 'n erkende nuusblad geplaas is;

(2) Enige wetlike proses is effektiewelik en voldoende op die Munisipaliteit bestel, wanneer dit by die Munisipale Bestuurder afgelewer is of 'n persoon aanwesig by die Kantoor van die Munisipale Bestuurder.

(3) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig of bestel word op die eienaar, bewoner van enige eiendom, of op enige persoon wat 'n reg hou oor, of ten opsigte daarvan, is dit voldoende om die persoon in die kennisgewing of ander dokument te beskryf as die eienaar, okkupeerder of houer van die reg oor of ten opsigte van, die eiendom en sal dit nie nodig wees om hom by name te noem nie.

(4) Waar voldoening aan ‘n kennisgewing binne ‘n spesifieke aantal werksdae vereis word, sal die tydperk wat vereis word begin op die dag wat die kennisgewing bestel is of wanneer dit die eerste keer gegee is op enige ander wyse beoog by hiedie verordening.

110. Waarmerking van Dokumte

(1) Elke bevel, kennisgewing of ander dokument wat ‘n bevestiging van egtheid vereis, se egtheid sal voldoende wees indien dit deur die Munisipale Bestuurder geteken is, deur ‘n behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit, of deur die Bestuurder van die Munisipaliteit se gemagtigde agent.

(2) Gesag om te magtig, soos beoog onder subartikel (1) moet by besluit van die Raad, skriftelike ooreenkoms of deur ‘n verordening, oorgedra word.

111. Prima Facie Bewys

Tydens wetlike prosedures deur of namens die Munisipaliteit, sal ‘n sertifikaat wat die verskuldigde bedrag geld aandui wat aan die Munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is, indien onder die hand van die Munisipale Bestuurder, of van ‘n behoorlik gekwalifiseerde werknemer van die Munisipaliteit wat deur die Munisipale Bestuurder gemagtig is, of die Bestuurder van die Munisipaliteit se gemagtigde agent, bestel, by blote voorlegging daarvan as *prima facie* bewys van skuldlas dien.

HOOFSTUK 12: ALGEMENE BEPALINGS

112. Verantwoordelikheid vir Nakoming van hierdie Verordening

(1) Die eienaar van ‘n perseel is verantwoordelik vir die nakoming van hierdie verordening ten opsigte van alle of enige sake wat met water en die installering en onderhoud van sanitasie verband hou, te verseker.

(2) Die klant is verantwoordelik vir die nakoming van hierdie verordening ten opsigte van sake wat met die gebruik van water en die installasie en onderhoud van sanitasie verband hou.

113. Voorsiening van Inligting

‘n Eienaar, okkupeerder, klant of persoon binne die voorsieningsgebied van die Munisipaliteit, moet die Munisipaliteit voorsien met akkurate inligting deur die Munisipaliteit versoek, wat redelikerwys deur die Munisipaliteit vereis word, vir die uitvoering of toepassing van hierdie verordening.

114. Magtiging van Toegang en Inspeksie

(1) Die Munisipaliteit mag te alle redelike tye, enige perseel betree en inspekteer vir enige doel wat verband hou met die uitvoering of toepassing van hierdie verordening, nadat redelike skriftelike kennisgewing van die voorneme aan die okkupeerder van die perseel gegee is.

(2) Enige betreding en inspeksie moet met nakoming van die vereistes van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, en enige ander wet en, in besonder, met streng verwysing na ordentlikheid en orde, respek vir ‘n persoon se waardigheid, vryheid en sekuriteit, en persoonlike privaatheid, geskied.

(3) Die Munisipaliteit mag vergesel word deur ‘n tolk en enige ander persoon wat redelikerwys vereis kan word om die gemagtigde beampte in die uitvoering van die inspeksie by te staan.

(4) ‘n Persoon wat die Munisipaliteit verteenwoordig moet, op versoek, sy identiteit voorsien.

115. Vrywaring van Aanspreeklikheid

Nog werknemers van die Munisipaliteit, nog enige ander persoon, liggaam, organisasie of korporasie wat namens die Munisipaliteit optree, is aanspreeklik vir enige skade wat voortspruit uit enige oorsig of handeling wat te goeder trou in die

uitvoering van sy pligte uitgevoer is, tensy die skade veroorsaak is deur ‘n onregmatige en opsetlike handeling of nalatigheid.

116. Vrystelling

(1) Die Ingenieur mag ‘n eienaar, klant, enige ander persoon of kategorie van eienaars, klante, belastingbetalers, gebruikers van dienste, skriftelik vrystel van die nakoming van ‘n bepaling van hierdie verordening, onderhewig aan enige voorwaardes wat hy mag instel, indien hy/sy van mening is dat die aansoek of uitwerking van die bepaling onredelik sal wees, met dien verstande dat die Ingenieur nie vrystelling sal toestaan van enige artikel van hierdie verordening nie wat-

(a) die vermorsing of buitensporige gebruik van die water voorsieningsdienste;

(b) beduidende nadelige effekte op publieke gesondheid, veiligheid of die omgewing;

(c) die nie-betaling vir dienste;

(d) die nie-nakoming van die Wet, of enige regulasies daarvolgens uitgevaardig;

tot gevolg mag hê.

(2) Die Munisipaliteit mag te enige tyd, nadat dertig dae skriftelike kennis gegee is, enige vrystelling wat ingevolge subartikel (1) gegee is, terugtrek.

117. Regskonflik

Indien daar enige teenstrydigheid tussen hierdie verordening en enige ander verordening van die Munisipaliteit is, sal hierdie verordening geldend wees.

118. Oorgangsreëlings

(1) Installasie werk wat deur die Munisipaliteit gemagtig is voor die inwerkingtreding van hierdie verordening, of goedgekeurde installasiewerk in aanvang op daardie datum, sal beskou word as reeds ingevolge hierdie verordening goedgekeur te wees; en die Munisipaliteit mag, vir ‘n tydperk van 90 (negentig) dae na die aanvang van hierdie verordening, installasie werk wat ingevolge verordeninge wat hierdie werk voor die aanvang van hierdie verordening gereguleer het, goedkeur.

(2) Enige verwysing in hierdie verordening na ‘n koste deur die Munisipale Raad bepaal, sal beskou word as ‘n verwysing na ‘n koste wat deur die Munisipale Raad bepaal is onder die verordeninge wat onder artikel 119 herroep is, tot die effektiewe datum dat enige toepaslike kostes wat deur die Raad bepaal mag word ingevolge hierdie verordening, of verordening insake Kredietbeheer en Skuldinvordering, en enige verwysing na die

bepalings in die verordeninge wat deur artikel 119 herroep is, beskou sal word as ‘n verwysing te wees na ‘n ooreenstemmende bepaling in hierdie verordening.

(3) Enige goedkeuring, toestemming of vrystelling toegestaan onder die verordeninge wat deur artikel 118 herroep is, sal, met uitsondering van die bepalings van subartikel (3), geldig bly.

(4) Daar sal van geen klant verwag word om aan hierdie verordening te voldoen wanneer ‘n water installasie of deel daarvan gewysig word, wat voorheen voldoen het aan enige toepaslike wetgewing onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie verordening nie, met dien verstande dat indien, na die mening van die Ingenieur, die installasie of deel daarvan, so onklaar of in ‘n toestand of posisie is wat vermorsing of oormatige verbruik van water, besoedeling van die water voorraad of ‘n gesondheidsoorlas kan veroorsaak, die Ingenieur deur kennisgewing die klant kan vereis om aan die bepalings van hierdie verordening te voldoen.

119. Herroeping van bestaande Waterdienste Verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die munisipaliteit afgekondig is word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word.

120. Kort titel en Inwerkingtreding

(1) Hierdie verordening word die Verordening insake Water en Sanitasie Dienste van die Munisipaliteit George genoem.

(2) Die Munisipaliteit mag, deur kennisgewing in die Provinsiale Gazette, beslis dat bepalings van hierdie verordening, soos in die kennisgewing gelys, nie in sekere areas binne sy regsgebied, soos in die kennisgewing gelys, vanaf ‘n datum in die kennisgewing gespesifiseer van toepassing is nie.

(3) Totdat enige kennisgewing beoog onder subartikel (2) uitgereik is, bly hierdie verordening bindend.

SKEDULE A: Perke op konsentrasie van stowwe wat afgevoer mag word in die sanitasiestelsel van George Munisipaliteit.

1. Geen persoon sal afvalwater in die riool stelsel afvoer wat -

Parameter	**Toegelate spesifikasies**	**Eenheid**
'n Temperatuur by die ingangspunt het, hoër as	**43** º C	**C**
'n PH-waarde groter as 10,0 of minder as 6,0 nie	**6,0 – 10,0**	
'n COD (chemiese suurstofvraag) het groter as	3 000	mg/**Lt**
'n Elektriese geleidingsvermoë nie groter as 500	**250**	m S / m teen 25º C
Suur alkaliniteit(uitgedruk as $CaCO_3$) > as	1 000	mg/L
Stowwe nie in oplossing (insluitend vet, olie, ghries, wasse en soortgelyke stowwe) > as	2 000**(400)**	mg/L
Stowwe oplosbaar in petroleum eter > as	500	mg/L
Stowwe waarvan waterstof sianied binne die dreinering installasie, riool of riool behandelingsaanleg vrygestel kan word (uitgedruk as HCN) > as	20	mg/L
Virmaldehyde (uitgedruk as HCHO) > as	50	mg/L
Nie-organiese vaste stowwe in suspensie > as	100	mg/L
Alle suikers en / of stysel (uitgedruk as glukose) > as	1 500	mg/L
Beskikbare chloor (uitgedruk as Cl) > as	100(10)	mg/L
Sulfate (uitgedruk as $SO_{4)}$ > as	1 800(500)	mg/L
Fluoried—wat verbindings bevat (uitgedruk as F) > as	5	mg/L
Anioniese aktiewe oppervlakte middels > as	500	mg/L

2. Geen persoon sal afvalwater in die rioolstelsel afvoer, wat stowwe bevat, enkel of in samestelling met ander stowwe, wat 'n konsentrasie het wat groter is as dié hieronder gelys.

(a) Chemiese Stowwe buiten metale		
Parameter	Toegelate spesifikasies	Eenheid
Vette, plantaardige olie en soortgelyke stowwe	400	mg/L
Sulfiede, of stowwe waarvan waterstof sulfied vrygestel kan word (uitgedruk as S)	5	mg/L
Sianiede of stowwe waarvan waterstof sianied vrygestel kan word (uitgedruk as HCN)	20	mg/L
Sulfate (uitgedruk as SO_4)	500	mg/L
Swewende vaste stowwe	1 000	mg/L
Teer produkte en distillate	50	mg/L
Chloor (uitgedruk as Cl)	1 000	mg/L
(b) Metale		
Groep 1		
Chromium (hexavalent) (bindingswaarde van 6)	0	mg/L
Chromium (trivalent)(uitgedruk as CrO_3)	10	mg/L

Koper (uitgedruk as Cu)	10	mg/L
Mangaan (expressed as Mn)	20	mg/L
Nikkel (uitgedruk as Ni)	5	mg/L
Sink (uitgedruk as Zn)	20	mg/L
Yster (uitgedruk as Fe)	20	mg/L
Silwer	5	mg/L
Kobalt	5	mg/L
Wolfram	5	mg/L
Titanium	5	mg/L
Kadmium	5	mg/L
Totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Group 1	*5*0	*mg/L*
Groep 2		
Arseen (uitgedruk as As)	5	mg/L
Boor (uitgedruk as B)	5	mg/L
Lood (uitgedruk as Pb)	5	mg/L
Selenium (expressed as Se)	5	mg/L
Kwik (uitgedruk as Hg)	5	mg/L
Kadmium (uitgedruk as Cd)	5	mg/L
Totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Groep 2	*10*	mg/L
(c) Radio-aktiewe afval		
Enige radio-aktiewe afval of isotope: sodanige konsenrtrasie soos wat deur die Atoom Energie Korporasie of enige Staatsdepartement bepaal word.		

3. Geen persoon sal afvalwater in die rioolstelsel afvoer wat-

a) hetsy dit gelys is onder die Afvalwater Standaarde al dan nie of, hetsy alleen of in samestelling met ander materie,

(i) moontlik ‘n giftige stof wat gevaarlik vir die gesondheid van persone wat by die onderhoud of bedryf van die rioolstelsel werksaam is, mag ontwikkel of inhou nie;

(ii) skadelik vir die rioolstelsel is, of

(iii) enige van die prosesse waardeur riool gewoonlik behandel word, of die hergebruik van gesuiwerde rioolafvalwater of die afvoer van vastestof afkomstig van die behandelingsproses, nadelig beïnvloed nie;

b) in die vorm van stoom is by die ingangspunt van die rioolstelsel nie;

c) enige stof van watter aard ookal, wat vermoedelik plofbare, flambare, giftige of aanstootlike gasse in sodanige rioolstelsel kan vorm of afgee nie.

d) enige sigbare tekens van olie, teer of geassosieerde produkte of distillate, bitumens of asfalte of emulsies daarvan, of emulsies van olie of ghries of vette bevat nie;

e) enige vastestowwe bevat wat, na die mening van die plaaslike owerheid, ‘n effek op die riool stelsel mag hê nie;

f) enige oplosmiddel wat onmengbaar is met water, bevat nie;

g) blykmiddel of blykmiddel reste bevat nie;

h) enige stof in sodanige konsentrasie bevat,wat na die mening van die plaaslike owerheid, met die rioolstelsel mag inmeng of die gehalte van herwinde water nadelig mag beïnvloed;

i) enige nie-bioafbreekbare stof bevat (bv. bloed) of

j) stormwater of grondwater bevat.

MUNISIPALITEIT GEORGE MUNICIPALITY

DEPARTEMENT VAN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

SKEDULE B: AANSOEKVORM VIR DIE AFVOER VAN NYWERHEIDSAFVAL NA DIE SANITASIE STELSEL VAN MUNISIPALITEIT GEORGE

PERMIT AANSOEK

OM HANDELS- OF NYWERHEIDSAFVALWATER IN DIE RIOOLSTELSEL AF TE VOER

UITGEREIK INGEVOLGE DIE WATER EN SANITASIE VERORDENING VAN MUNISIPALITEIT GEORGE

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste

Slegs vir amptelike gebruik
Betaling ontvang
JA NEE

Munisipaliteit George
Posbus 19
GEORGE
6530
Tel: (044) 801 9113
Fax/Faks: (044) 801 9145
E-mail/ Epos: civilinfo@george.org.za

Part 1/ Deel 1:
Nature of the business or industry concerned/ Aard van die betrokke besigheid of nywerheid.

1. Business /Besigheid

REGISTERED NAME OF THE BUSINESS /GEREGISTREERDE NAAM VAN BESIGHEID			
STREET NAME / STRAAT NAAM	POSTAL ADDRESS/POSADRES	ERF NO. ERF NR.	ALLOTMENT AREA TOEWYSINGSGEBIED
AUTHORISED PROCESSES VIR THE PREMISES / GEMAGTIGDE PROSESSE VIR PERSEEL			

Part2/ Deel 2: Information relating to water consumption/ Inligting rakende water verbruik

1. Average number of kilolitre of water purchased per month from the Municipality the past six months / Gemiddelde aantal kiloliter water per maand aangekoop vir die afgelope ses maande

WATER CONSUMPTION/ WATER VERBRUIK	TOTAL/TOTAAL
WATER PURCHASED FROM THE MUNICIPALITY/ WATER VAN DIE MUNISIPALITEIT AANGEKOOP	
WATER FROM BOREHOLES OR OTHER SOURCES/ WATER UIT BOORGATE OF ANDER BRONNE	
WATER ENTERING WITH RAW MATERIALS/ WATER WAT MET ROU MATERIAAL INVLOEI	
TOTAL / TOTAAL A	

Effluent Discharge Rate/ Uitvloeiselafvoertempo

EFFLUENT DISCHARGE RATE / UITVLOEISELAFVOERTEMPO				
NUMBER OF DISCHARGE POINTS / GETAL LEWERINGSPUNTE				
CONNECTION POSITION/ VERBINDINGSPUNT		MAXIMUM RATE IN kl / MAKSIMUM TEMPO IN kl		
		PER MONTH PER MAAND	PER DAY PER DAG	PER HOUR PER UUR
1				
2				
3				
4				

Effluent Discharge Factor/ Uitvloeiselafvoerfaktor

EFFLUENT DISCHARGE FACTOR / UITVLOEISELAFVOERFAKTOR	
FRACTION OF METERED WATER NOT DISCHARGED TO SEWER/ GEDEELTE VAN GEMETERDE WATER NIE NA RIOOLSTELSEL TOE NIE	
FRACTION OF METERED WATER TO SEWER/ GEDEELTE VAN GEMETERDE WATER NA RIOOLSTELSEL	

In geval geen afvalwatermeter op die perseel installeer word nie, sal die geskatte volume ongemeterde afvalwater wat afgevoer word, soos volg bereken word:

90% van Totaal A, tensy anders ooreengekom met die Munisipaliteit;
Deel 3: Inligting rakende die samestelling van die nywerheidsafvalwater.

Inligting in verband met die chemiese en fisiese eienskappe van die afvalwater wat afgevoer staan te word.

Parameter	Afvoer Eienskappe	Eenheid
Temperatuur by die ingangspunt hoër as;		C
pH		
Chemiese Suurstof Vraag (COD)		mg/L
Elektriese geleidingsvermoë		mS/m at 25 °C
Suur alkaliniteit(uitgedruk as $CaCO_3$) > as		mg/L
Stowwe nie in oplossing (insluitend vet, olie, ghries, wasse en soortgelyke stowwe) > as		mg/L
Stowwe oplosbaar in petroleum eter > as		mg/L
Stowwe waarvan waterstof sianied binne die dreinering installasie, riool of riool behandelingsaanleg vrygestel kan word (uitgedruk as HCN) > as		mg/L
Virmaldehyde (uitgedruk as HCHO) > as		mg/L
Nie-organiese vaste stowwe in suspensie > as		mg/L
Alle suikers en / of stysel (uitgedruk as glukose) > as		mg/L
Beskikbare chloor (uitgedruk as Cl) > as		mg/L
Sulfate (uitgedruk as $SO_{4)}$ > as		mg/L
Fluoried—wat verbindings bevat (uitgedruk as F) > as		mg/L
Anioniese aktiewe oppervlakte middels > as		mg/L

(a) Chemiese Stowwe buiten metale		
Parameter	Allowed specifications	Units
Vette, plantaardige olie en soortgelyke stowwe		mg/L
Sulfiede, of stowwe waarvan waterstof sulfied vrygestel kan word (uitgedruk as S)		mg/L
Sianiede of stowwe waarvan waterstof sianied vrygestel kan word (uitgedruk as HCN)		mg/L
Sulfate (uitgedruk as SO_4)		mg/L
Swewende vaste stowwe		mg/L
Teer produkte en distillate		mg/L
Chloor (uitgedruk as Cl)		mg/L
(b) Metale		
Groep 1		
Chromium (hexavalent) (bindingswaarde van 6)		mg/L
Chromium (trivalent)(uitgedruk as CrO_3)		mg/L
Koper (uitgedruk as Cu)		mg/L
Mangaan (expressed as Mn)		mg/L
Nikkel (uitgedruk as Ni)		mg/L
Sink (uitgedruk as Zn)		mg/L
Yster (uitgedruk as Fe)		mg/L
Silwer		mg/L
Kobalt		mg/L
Wolfram		mg/L
Titanium		mg/L
Kadmium		mg/L
Totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Group 1		*mg/L*
Groep 2		
Arseen (uitgedruk as As)		mg/L
Boor (uitgedruk as B)		mg/L
Lood (uitgedruk as Pb)		mg/L
Selenium (expressed as Se)		mg/L
Kwik (uitgedruk as Hg)		mg/L
Kadmium (uitgedruk as Cd)		mg/L
Totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Groep 2		mg/L
(c) Radio-aktiewe afval		
Enige radio-aktiewe afval of isotope: sodanige konsenrtrasie soos wat deur die Atoom Energie Korporasie of enige Staatsdepartement bepaal word.		

Deel 4: Voorwaardes vir die Aanvaarding van Nywerheidsuitvloeisel

1. By indiening van die Permit aansoek, moet die aansoeker die nodige aansoekgeld betaal soos in die munisipale tarieflys uiteengesit. Bewys van betaling moet die aansoek vergesel.

2. Die aansoeker moet ‘n beskrywing en verklaring van die ghries en olievangputte, skerms, verdunnings- en neutraliseringstenke en enige ander voorsiening gemaak vir die behandeling van afvalwater voor afvoer na die sanitasie netwerk.
3. Die aansoeker moet, op aanvraag, planne wat die netwerkstelsel vir water en nywerheidsafvalwater op sy perseel uiteensit, aan die Munisipaliteit voorlê.
4. Die aansoeker moet, bo en behalwe voldoening aan die bepalings van die munisipale Verordening insake Waterdienste, gemik op die beskerming van sy werknemers, riole en behandelingsaanlegte teen skade, ook voldoen aan enige direktief / opdrag / riglyn wat met sodanige beskerming verband hou, wat mondeling of skriftelik deur die Ingenieur uitgereik is, met die doel om die aansoeker se voldoening aan die genoemde verordening te verseker.
5. Die aansoeker moet die Munisipaliteit in kennis stel, sodra hy bewus word daarvan, of ten minste 14 dae voordat enigiets gedoen word wat ‘n wesentlike verandering in die aard of hoeveelheid van die nywerheidsafvalwater, soos in sy aansoek gespesifiseer of enige feite deur hom gestel, veroorsaak.
6. Die aansoeker moet, binne 30 dae vanaf datum van ondertekening van hierdie aansoek, ‘n akkurate verteenwoordigende monster van nie minder nie as 5 liter van die nywerheidsafvalwater wat in die riool afgevoer gaan word, welke monster vry van huishoudelike riool moet wees, die een helfte daarvan aan die Munisipaliteit en die ander helfte aan ‘n onafhanklike laboratorium/ analis verskaf, op onkoste van die aansoeker. Die aansoeker moet ‘n verslag, deur die analis deur hom aangestel,rakende die monster aan die Ingenieur voorlê: Met dien verstande dat, in geval van ‘n nuutgestigte nywerheid, die gespesifiseerde tydperk deur die Munisipaliteit verleng mag word vir ‘n tydperk wat nie ses maande oorskry nie, of sodanige verdere tydperke soos die Munisipaliteit, in sy diskresie, mag goedkeur.
7. Die aansoeker verklaar en waarborg hiermee dat die inligting deur hom voorsien, op hierdie vorm of andersins, in verband met hierdie aansoek, na die beste van sy wete en geloof, in alle aspekte korrek is.
8. Die aansoeker is dit eens dat die gegewe inlig wat in alle aspekte korrek is, die basis sal vorm waarop hierdie aansoek deur die Munisipaliteit goedgekeur word.

Aldus gedoen en geteken te …….. deur …….……
op hierdie……. dag van…….20……..

Handtekening	:
Naam van verantwoordelike persoon	:
Hoedanigheid	:
Telefoon Nr	:
Faks Nr	:
Sel Nr	:
Epos	:

Thus done and signed at .....

deur the applicant this ……day of .....20 .....

Signature	:

Name of responsible person	:
Capacity	:
Telephone No	:
Fax No	:
Cell No	:
E-mail	:

SKEDULE C: Formule vir die berekening van afvalwater afvoere vir Munisipaliteit George

Die bykomende koste vir nywerheidsafvalwater vir die wegdoening van hoë sterkte riool na ‘n afvalwater behandelingsaanleg sal kragtens die volgende formule bereken word:

OPSIE 3: Gebasseer op die WRC verslag 854/1/02;

Die bykomende koste vir nywerheidsafvalwater vir die wegdoening van hoë sterkte riool na ‘n afvalwater behandelingsaanleg sal kragtens die volgende formule bereken word:

$Tc = V_I[X + Y(COD_i/COD_w) + Z] + Boete$

Waar	Tc	=	Buitengewone behandeling koste aan verbruiker per maand
	V_I	=	Volume afgevoer deur nywerheid in KL per maand
	X	=	Vervoer koste per KL
		=	C_C / V_A
	Vervoer	=	Die vervoer van afvalwater of enige vloeibare afval in die grootmaat of eksterne rioolnetwerk van die afvoerpunt tot by die inlaat van die behandelingsaanleg
	C_C	=	Die bedryf en onderhoud uitgawes vir die vervoer van die afval water in KL per jaar
	V_A	=	Aangepaste volume (aangepaste volume beteken totale volume verbeter vir deursypeling) in KL per jaar
	Y	=	Veranderlike behandeling koste per KL
		=	$C_{T\,/}\, V_A$
	Veranderlike Behandeling kostes	=	Hierdie kostes word beskryf as uitgawe wat noemenswaardig verander met volume en COD lading
	C_T	=	Die bedryf en onderhoud uitgawe vir die behandeling van die afval water in KL per jaar
	V_A	=	Aangepaste volume (aangepaste volume beteken totale volume verbeter vir deursypeling) in KL per jaar
	COD_i	=	Gemiddelde vir elke nywerheidsgebied, insluitend beide die bio-afbreekbare en nie-bio-afbreekbare gedeelte van COD.
	COD_w	=	Gemiddelde van aanleg (geweeg vir meer as een aanleg), insluitend beide die bio-afbreekbare en nie-bio-afbreekbare gedeelte van COD.
	Z	=	Vaste koste per KL
		=	$C_{F\,/}\, V_A$
	Vaste koste	=	Hierdie kostes word beskryf as uitgawes wat nie noemenswaardig gedurende ‘n Deelikulêre finansiële jaar verander nie en wat nie deur COD lading geraak word nie.
	C_F	=	Vaste koste uitgawe vir die behandeling van die afvalwater in KL per jaar

V_A	=	Aangepaste volume (aangepaste volume beteken totale volume verbeter vir deursypeling) in KL per jaar
Boete	=	Boete per dag gehef bo en behalwe die afvalwater koste gebasseer op volume en COD, vir verbode afvalwater, in gevalle waar COD_i van die afvalwater 4000 mg/L oorskry of waar enige ander gehalte parameter die toelaatbare maksimum waarde oorskry ingevolge Bylae A van die verordening, soos vervat in die permit vir die nywerheid.
	=	Px (waarde gemeet/toelaatbare maksimum) x maksimum daaglikse vloei
P	=	Eenheid waarde koste soos bepaal deur die Raad

Skedule D

Permit issued to allow the discharge of trade or industrial effluent into the sewerage system/Permit uitgereik om die vrystelling van nywerheidsafvloei in die sanitasiestelsel toe te laat

.

DATE/DATUM	PERMIT NO./NR

MUNISIPALITEIT GEORGE MUNICIPALITY

DEPARTMENT OF CIVIL ENGINEERING DIENSTES
DEPARTEMENT VAN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

PERMIT TO DISCHARGE A TRADE OR NYWERHEIDS EFFLUENT INTO THE SEWERAGE SYSTEM / PERMIT VIR VRYSTELLING VAN VAN HANDELS-/ NYWERHEIDSAFVLOEI

Valid for three years after issue/Geldig vir drie jaar na uitreiking

ISSUED IN TERMS OF THE GEORGE MUNICIPALITY WATER AND SANITATION BY-LAW/ UITGEREIK KRAGTENS DIE MUNISIPALITEIT GEORGE WATER EN SANITASIE VERORDENING

Director: Civil Engineering Services
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
Munisipaliteit George Municipality
P O Box/ Posbus 19
George
6530

Tel: (044) 801 9113
Fax/Faks: (044) 801 9145
E-mail/ Epos: george@george.org.za

PERMIT TO DISCHARGE NYWERHEIDS EFFLUENT INTO THE SEWERAGE SYSTEM/ PERMIT VIR VRYSTELLING VAN NYWERHEIDSAFVLOEI IN DIE RIOOLSTELSEL

DATE/DATUM	PERMIT NO./NR

Nature of the Business or Industry Concern/ Aard van Betrokke Besigheid of Nywerheid

REGISTERED NAME OF THE BUSINESS/GEREGISTREERDE NAAM VAN BESIGHEID			
STREET NAME / STRAAT NAAM	POSTAL ADDRESS/ POSADRES	ERF NO. ERF NR.	ALLOTMENT AREA TOEWYSINGS-GEBIED
AUTHORISED PROCESSES VIR THE PREMISES / GEMAGTIGDE PROSESSE VIR PERSEEL			

Effluent Discharge rate/ Uitvloeiselafvoertempo

EFFLUENT DISCHARGE RATE / UITVLOEISELAFVOERTEMPO				
NUMBER OF DISCHARGE POINTS / GETAL LEWERINGSPUNTE				
AANSLUITING POSITION VERBINDINGSPUNT		MAXIMUM RATE IN kl / MAKSIMUM TEMPO IN kl		
		PER MONTH PER MAAND	PER DAY PER DAG	PER HOUR PER UUR
1				
2				
3				
4				

Effluent Discharge factor/ Uitvloeiselafvoertempo

EFFLUENT DISCHARGE FACTOR / UITVLOEISELAFVOERFAKTOR	
FRACTION OF METERED WATER NOT DISCHARGED TO SEWER/ GEDEELTE VAN GEMETERDE	

WATER NIE NA RIOOLSTELSEL	
FRACTION OF METERED WATER TO SEWER/ GEDEELTE VAN GEMETERDE WATER NA RIOOLSTELSEL	

PRETREATMENT REQUIRED BEFORE ACCEPTANCE/ VOORAFBEHANDELING VEREIS VOOR AANNAME
Removal of settleable solids/ Verwydering van vestigbare vastestowwe Fat, oil and grease removal / Vet, Olie en Ghries verwydering Any further treatment as may be deemed necessary when more invirmation on the composition of the effluent being discharged is available after sampling and analysis. Special steps should be taken to ensure that no sea water can enter the municipal sewerage system./ Enige behandeling wat as nodig beskou word, wanneer meer inligting oor die samestelling van die afvalwater wat afgevoer word, beskikbaar is, na monsterneming en analisering. Spesiale stappe behoort gedoen te word om te verseker dat geen seewater die munisipale rioolstelsel binnedring nie.

PHYSICAL AND CHEMICAL CONDITIONS REQUIRED BEFORE EFFLUENT ACCEPTANCE/ FISIESE EN CHEMIESE TOESTANDE VEREIS VOOR AANNAME VAN UITVLOEISEL		
SUBSTANCES ACCEPTABLE IN LIMITED CONCENTRATIONS ONLY/ STOWWE ALLEENLIK IN BEPERKTE KONSENTRASIES AANVAARBAAR		
No person shall discharge effluent into the sewerage system which has – /Geen persoon sal afvalwater in die rioolstelsel afvoer wat-		
Parameter	Allowed Specifications	Units
a temperature at the point of entry in excess of; /'n temperatuur het by die toegangspunt > as	43^0	C
a pH greater than 10,0 or less than 6,0; /'n pH groter as 10,0 of kleiner as 6,0 het nie	6,0 – 10,0	
Chemical oxygen demand (COD) greater than /'n Chemiese Suurstofvraag (COD) > as	3 000	mg/ .
Electrical conductivity— not greater than /'n Elektriese geleidingsvermoë - nie > as	250	m S / m at 25 °C
Caustic alkalinity (expressed as $CaCO_3$) /Suur Alkaliniteit (uitgedruk as $CaCO_3$)	2 000	mg/L
Substance not in solution (including fat, oil, grease waxes and like substances) /Stowwe nie in oplossing (insluitend vet, olie, ghries wasse en soortgelyke stowwe)	2 000	mg/L
Substances soluble in petroleum ether /Stowwe oplosbaar in petroleum eter	500	mg/L
Sulphides, hydro-sulphides and polysulphides (expressed as S) /Sulfiede, water-sulfiede en polisulfiede (uitgedruk	50	mg/L

as S)		
Substances from which hydrogen cyanide can be liberated in the drainage installation, sewer or sewage treatment works (expressed as HCN) /Stowwe waarvanaf waterstof sianied vrygestel kan word in die dreinering installasie, riool of riool behandelingsaanleg (uitgedruk as HCN)	20	mg/L
Virmaldehyde (expressed as HCHO) / Virmaldehyde (uitgedruk as HCHO)	50	mg/L
Non-organic solids in suspension Nie- organiese vastestowwe in suspensie	100	mg/L
All sugars and / or starch (expressed as glucose) / Alle suikers en/of stysel (uitgedruk as glukose)	1 500	mg/L
Available chlorine (expressed as Cl)/ Beskikbare Chloor (uitgedruk as Cl)	100	mg/L
Sulphates (expressed as $SO_{4)/}$ Sulfate (uitgedruk as $SO_{4)}$	1 800	mg/L
Fluoride-containing compounds (expressed as F) Samestellings wat Fluried bevat(uitgedruk as F)	5	mg/L
Anionic surface active agents/ Anioniese aktiewe oppervlakte middels	500	mg/L

No person shall discharge effluent into the sewerage system which contains a substance, either alone or in combination with other substances, having a concentration in excess of those listed below./ Geen persoon sal afvalwater in die rioolstelsel afvoer wat ‘n stof bevat, enkel of in samestelling met ander stowwe, wat ‘n konsentrasie het groter as dié hieronder gelys.

(a) Chemical Substances other than metals/ Chemiese Stowwe buiten metale

Parameter	Allowed specifications/ Toegelate spesifikasie	Units/ Eenheid
Fats, vegetable oil and like substances/ Vette, plantaardige olie en soortgelyke stowwe	400	mg/L
Sulphides, or substances from which hydrogen sulphide can be liberated (expressed as S)/ Sulfiede of stowwe waarvanaf waterstof sulfied vrygestel kan word (uitgedruk as S)	5	mg/L
Cyanides or substances from which hydrogen cyanide can be liberated (expressed as HCN)/ Sianide of stowwe waarvanaf waterstof sianied vrygestel kan word (uitgedruk as HCN)	20	mg/L
Sulphates (expressed as SO_4)/ Sulfate (uitgedruk as $SO_{4)}$	500	mg/L
Suspended solids / Swewende vastestowwe	1 000	mg/L
Tar products and distillates / Teer produkte en distillate	50	mg/L
Chloride (expressed as Cl) / Chloried (uitgedruk as Cl)	1 000	mg/L
(b) Metals/ Metale		
Group 1/ Groep 1		
Chromium (hexavalent) (bindingswaarde van 6)	0	mg/L
Chromium (trivalent)(expressed as CrO_3)	10	mg/L

(uitgedruk as CrO_3)		
Copper (expressed as Cu)/ Koper (uitgedruk as Cu)	10	mg/L
Manganese (expressed as Mn)/ Mangaan (uitgedruk as Mn)	20	mg/L
Nickel (expressed as Ni)/ Nikkel (uitgedruk as Ni)	5	mg/L
Zinc (expressed as Zn) / Sink (uitgedruk as Zn)	20	mg/L
Iron (expressed as Fe) / Yster (uitgedruk as Fe)	20	mg/L
Silver/ Silwer	5	mg/L
Cobalt / Kobalt	5	mg/L
Tungsten/ Wolfram	5	mg/L
Titanium	5	mg/L
Cadmium/ Kadmium	5	mg/L
Total collective concentration of all metals in Group 1/ Totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Groep 1	50	mg/L
Group 2/ Groep 2		
Arsenic (expressed as As)/ Arseen (uitgedruk as As)	5	mg/L
Boron (expressed as B)/ Boor (uitgedruk as B)	5	mg/L
Lead (expressed as Pb) / Lood (uitgedruk as Pb)	5	mg/L
Selenium (expressed as Se)/ (uitgedruk as Se)	5	mg/L
Mercury (expressed as Hg)/ Kwik (uitgedruk as Hg)	5	mg/L
Cadmium (expressed as Cd)/ Kadmium (uitgedruk as Cd)	5	mg/L
Total collective concentration of all metals in Group 2/ totale gesamentlike konsentrasie van alle metale in Groep 2	10	mg/L
(c) Radio-active wastes / Radio-aktiewe afval		
Any radio-active waste or isotopes: such concentration as may be laid down deur the Atomic Energy Corporation or any State Department / Enige radio-aktiewe afval isotope : sodanige konsentrasie soos wat neergelê mag word deur die Atoom Energie Korporasie of enige Staatsdepartement.		

PROHIBITED EFFLUENTS / VERBODE UITVLOEISELS
Geen persoon sal afvalwater in die rioolstelsel afvoer wat- No person shall discharge effluent into the sewerage system which- a) hetsy dit gelys is onder die Afvalwater Standaarde al dan nie of, hetsy alleen of in samestelling met ander materie, whether or not it is listed in the Effluent standaarde or which either alone or in combination with other matter, may - (i) moontlik ‘n giftige stof wat gevaarlik vir die gesondheid van

persone wat by die onderhoud of bedryf van die rioolstelsel werksaam is, mag ontwikkel; generate or constitute a toxic substance dangerous to the health of persons employed in the maintenance or operation of the sewerage system;

(iv) skadelik vir die rioolstelsel is, of be harmful to the sewerage system, or

(iii) enige van die prosesse waardeur riool gewoonlik behandel word, of die hergebruik van gesuiwerde riool afvalwater of die afvoer van vastestof afkomstig van die behandelingsproses; adversely affect any of the processes whereby sewage is normally treated or the re-use of purified sewage effluent or the disposal of solids arising from the treatment process;

b) in die vorm van stoom is by die ingangspunt van die rioolstelsel nie; is in the virm of steam at the point of entry into the sewerage system;

c) enige stof van watter aard ookal, wat vermoedelik plofbare, flambare, giftige of aanstootlike gasse in sodanige rioolstelsel kan vorm of afgee. bevat wat contains any substance of whatever nature likely to produce or give off explosive, inflammable, poisonous or offensive gases in such sewerage system;

d) enige sigbare tekens van olie, teer of geassosieerde produkte of distillate, bitumens of asfalte of emulsies daarvan, of emulsies van olie of ghries of vette; shows any visible signs of oil, tar or associated products or distillates, bitumen's or asphalts or their(its) emulsions, or emulsions of oil or grease or fats;

e) enige vastestowwe bevat wat, na die mening van die plaaslike owerheid, 'n effek op die riool stelsel mag hê; contains any solids which may in the opinion of the local authority have an effect on the sewerage system;

f) enige oplosmiddel wat onmengbaar is met water; contains any solvent immiscible in water;

g) blykmiddel of blykmiddel reste bevat; contains dye or dye residues;

h) enige stof in sodanige konsentrasie bevat,wat na die mening van die plaaslike owerheid, met die rioolstelsel mag inmeng of die gehalte van herwinde water nadelig mag beïnvloed; contains any substances in such concentration as may in the opinion of the local authority interfere with the sewerage system or adversely affect the quality of reclaimed water;

i) enige nie-bioafbreekbare stof bevat (bv. bloed) of contains any non-biodegradable substance (e.g. blood) or

j) stormwater of grondwater bevat. contains storm water or ground water.

SPECIAL CONDITIONS FOR PERMIT/SPESIALE VOORWAARDES VIR PERMIT
The permit holder shall install and maintain at its own cost a suitable flow measuring device, on all lines discharging industrial effluent to the municipality's sewer system, to measure the volumes. The proposed flow measuring device shall be to the satisfaction and approval of the Senior Manager: Civil Engineering Services. All chemical analysis is for the cost of the permit holder Die permithouer sal op eie koste ‘n gepaste vloeimetingsinstrument installeer en onderhou op alle lyne wat industriële uitvloei in die munisipaliteit se sanitasiestelsel vrystel ten einde die volumes te meet. Die voorgestelde vloeimetingsinstrument moet deur die Senior Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word. Alle chemise analises is vir die koste van die permithouer.

INDEMNIFICATION OF THE LOCAL AUTHORITY / VRYWARING VAN DIE PLAASLIKE OWERHEID
A permit holder shall indemnify the local authority against all claims which may be brought or instituted against it for damage to property or injury or death of persons as a result of the discharge of effluent. ‘n Permithouer sal die munisipaliteit vrywaar teen enige eise wat ingestel mag word vir skade of die besering of dood van persone as gevolg van die vrystelling van uitvloeisel.

CONDITIONS OF ISSUE / VOORWAARDES VAN UITREIKING
This permit is issued in terms of the George Municipality Water Services By-Law and is subject to the conditions stated therein. Hierdie permit word uitgereik ingevolge die Waterdienste Verordening van die Munisipaliteit George en is onderworpe aan die voorwaardes daarin vervat.

Signature/Handtekening	:	
Name/Naam	:	HAROLD BASSON Pr. Eng
Capacity/Hoedanigheid	:	SENIOR MANAGER: CIVIL ENGINEERING DIENSTE
Date/Datum	:	

RESPONSIBLE PERSON/VERANTWOORDELIKE PERSOON				
NAME/NAAM	TELEPHONE NO/ TELEFOON NR	FAX NO/ FAKS NR	CELL NO./ SEL NR	E-MAIL ADDRESS/ EPOS ADRES

95

REGISTERED NAME OF THE BUSINESS / GEREGISTREERDE NAAM VAN BESIGHEID			
STREET NAME / STRAAT NAAM	POSTAL ADDRESS /POSADRES	ERF NO. ERF NR.	ALLOTMENT AREA TOEWYSINGSGEBIED

RESPONSIBLE PERSON/VERANTWOORDELIKE PERSOON				
NAME/NAAM	TELEPHONE NO/ TELEFOON NR	FAX NO/ FAKS NR	CELL NO./ SEL NR	E-MAIL ADDRESS/ EPOS ADRES

AUTHORISED PROCESSES VIR THE PREMISES / GEMAGTIGDE PROSESSE VIR PERSEEL